

# Notes on individuals' deposits with and borrowings from banks

by J.P. van den Heever<sup>1</sup>

## Introduction


In economic analyses considerable attention is devoted to developments in money supply and in monetary institutions' credit extension to the domestic private sector. The money supply consists mainly of deposits with banks by the domestic private sector, including deposits of individuals and other parties such as companies, close corporations and unincorporated businesses. Likewise, credit extension to the domestic private sector includes monetary institutions' claims on individuals as well as other private-sector entities.

Although these financial aggregates are usually discussed in some detail in the economic reviews of the Reserve Bank, the analysis of deposits and credit extension by type of depositor or borrower has received little attention. With the introduction of the Banks Act, Act No. 94 of 1990, the balance sheet information furnished by the banks was amended, *inter alia* making it possible to obtain the aggregate amounts of individuals' deposits with and borrowings from banks. To obtain a more detailed and disaggregated picture, the Reserve Bank recently also compiled cross-sectional information on individuals' depositor/borrower relationships with their banks. This information was provided on a non-recurrent basis by two of the major banks. The objective of these notes is to present a brief overview of the aggregate as well as the disaggregated balance sheet positions of individuals vis-à-vis the banks.<sup>2</sup>

## Aggregate information on individuals' depositor/borrower relationship with banks

The information reported on the banks' balance sheets reveals that, in the middle of 1992, individuals as a group had notably less money deposited with banks than they had borrowed from the banks. As shown in Figure 1, the total of such deposits amounted to R86,2 billion, against total borrowings of R105,1 billion. The extreme viewpoint that households are heavily indebted but have *virtually no* funds on deposit is nevertheless not supported by the facts; aggregate deposits amounted to approximately 82 per cent of aggregate borrowings in 1992.


**Figure 1. Individuals' deposits with and borrowings from banks, 30 June 1992**



1 The author is indebted to Dr E.J. van der Merwe and Dr S.J. van der Walt for their comments and suggestions. The contribution of the two banks which provided sample information is gratefully acknowledged. Valuable assistance was provided by staff members of the Graphics Section of the Information Division of the Reserve Bank's Economics Department.

2 Technically, the institutions involved are those registered under the Banks Act, Act No. 94 of 1990. Up to March 1993 this Act was known as the Deposit-taking Institutions Act.

**Figure 2. Individuals' deposits with and borrowings from banks by type of instrument, 30 June 1992**




An analysis of deposits according to type of instrument (Figure 2) shows that balances held in cheque and transmission accounts, which typically earn very low interest, amounted to only R11,9 billion or less than 14 per cent of total deposits by individuals. Savings deposits, which are also often held for transaction purposes, constituted 20% per cent of total deposits. Fixed and notice deposits, typically earning more favourable interest rates, constituted the remaining 65% per cent of total deposits. The analysis of advances underlines the importance of mortgage advances, which represented 62 per cent of individuals' borrowings from the banks.

It is also interesting to note that total deposits by the personal sector (which includes not only individuals but also unincorporated businesses, non-profit-seeking organisations, pension funds and insurers) with banks amounted to R109,2 billion in mid-1992. On the other

hand, total advances to the personal sector amounted to R111,4 billion – the personal sector's aggregate deposits with and borrowings from the banks were therefore in approximate balance.

The contribution of individuals to total domestic private-sector deposits with the banks and their share in the banks' total claims on the domestic private sector in the middle of 1992 are shown in Figure 3. Individuals accounted for some 51 per cent of total private-sector deposits with the banks, and for almost 58 per cent of banks' credit extension to the private sector. The excess of the banks' credit extension to the domestic private sector (R181,6 billion) over domestic private-sector deposits (R168,2 billion) was financed in a number of ways, including the attraction of funds by the banks in the form of loans, repurchase agreements and non-resident deposits.

**Figure 3. Individuals' and other private sector entities' deposits and use of bank credit, 30 June 1992**



#### **Disaggregated information on the behaviour of individuals as depositors and borrowers**


The totals discussed above are built up from the behaviour of several millions of persons interacting with their banks. In this section, the results from a sample of 4 000 clients of two major South African institutions are presented in order to obtain a cross-section picture of the relationships of individual depositors and borrowers with their banks. The sample does not cover all the banks that have individuals as part of their client base. Nevertheless, the size of the two banks involved, the size of the sample and the similarities between the sample data and the aggregated data indicate that the sample reflects a number of key characteristics of typical South African individuals' dealings with their banks.

The two South African banks drew random samples of individuals from their client bases and reported the following information for each client:


- The first two digits of the person's identity number, in order to establish his or her age.
- The total gross deposits of the person with the bank, whether in a cheque, transmission, credit card, savings, fixed or notice deposit or other account.
- The total gross advances to the person by the bank, whether on overdraft or through a credit card, mortgage,

**Figure 4. Age distribution of individual clients in the sample and of the South African population**

Individual clients



South African population<sup>1)</sup>



1) Source: Population Census 1991

hire-purchase, leasing, personal loan or other facility.

- The person's net depositor position (+) or borrower position (-) with the bank, representing the difference between his or her total gross deposits and total gross advances.

From this information for mid-1992 the following results were obtained:

- *The age distribution of clients in the sample.* As may be expected, children and young people under the age of 20 formed a relatively small percentage of the banks' client base. Numerically, the most important client age groups were those from 20 to 29 and from 30 to 39 years of age. Older people's proportion of the banks' client base was greater than their proportion of the total population, as shown in Figure 4.


- *Distribution of clients as depositors and/or borrowers.* As shown in Figure 5, the vast majority of clients in the sample – more than three quarters – were depositors only. Some 13,8 per cent of the clients had no deposits, but only a loan or loans from the bank. Approximately

9,2 per cent of clients had both deposits with and borrowings from the same bank, such as those persons who had obtained a mortgage loan from a bank but concurrently held their shorter-term funds deposited in a cheque or savings account with the same institution.


- *Gross deposits according to the size of the deposit.* More than a quarter of the clients in the sample had non-zero deposits of less than R100 with their bank, as depicted in Figure 6. As may be expected, the number of depositors dwindles as the size of the deposit increases. The overall average of all non-zero gross deposits nevertheless amounted to no less than R6 620, with the few very large deposits compensating for the numerous small ones.

- *Gross advances according to the size of the advance.* The largest number of advances fell between R5 000 and R20 000. A sizeable number of advances was nevertheless higher than R100 000 and even higher than R200 000, as illustrated in Figure 7. The overall average of all non-zero gross advances amounted to R31 380.

**Figure 5. Depositors, borrowers and depositor/borrowers in the sample**




**Figure 6. Size distribution of gross deposits**




- *Size distribution of net deposits and advances.* Each person's net position was obtained by subtracting his or her gross borrowings from the bank from his or her gross deposits with the bank. Overall the average net position among all clients in the sample was a net amount of


**Figure 7. Size distribution of gross advances**




**Figure 8. Size distribution of net deposits and advances**



**Figure 9. Age and net depositor/borrower status of clients**




**The propensity to be a net borrower at various ages**



R1 560 borrowed, although the distribution around this average is of more importance than the average itself. The relevant distribution, as depicted in Figure 8, shows that while net deposits were concentrated around relatively small amounts, net advances (even though in number fewer than deposits) were concentrated around higher values. Given the nature of the underlying transactions in respect of many advances, such as obtaining a dwelling or vehicle, these higher values are hardly surprising.

- *Relationship between the age of the client and net depositor/borrower status.* It appears from the available data, displayed in Figure 9, that children and very young people were rarely borrowers. The propensity to borrow rose with age up to the age group of 40 to 49 years, but then diminished as retirement age was approached. Once retirement age had been reached, there was a very low propensity to borrow, with the clients generally maintaining deposits with the banks. The pattern displayed by the propensity to borrow therefore seems to outline a life cycle: The highest propensity to borrow is encountered at the age when

**Figure 10. Size of the average net deposit or advance, by client age group<sup>1</sup>**



1) Only non-zero net deposits/advances were used in the calculations.

persons are typically economically active and obtain or improve their dwellings and purchase various types of consumer durables.

- *Size of the average net deposit or advance at various ages.* All net depositors in the sample were identified and grouped according to age, and the size of the average net deposit for each age group was calculated. A similar exercise was carried out in respect of all net borrowers. The results are depicted in Figure 10, which shows that average net deposit sizes generally increased with age, whereas average net borrowings accumulated to a maximum in the 40-49 year age group, declined considerably up to the 60-69 year age group, and then rebounded in the 70-plus age group. However, only one out of twenty clients in the 70-plus age group were borrowers. The few who were borrowers in this group were, on average, relatively large borrowers who probably held substantial other assets and had other sources of income. For every 1 000 clients in the age group 70 years and above, there were 52 net borrowers, on average borrowing R37 180 for a total of R1,9 million; and 948 net depositors, on average depositing R20 790 for a total of R19,7 million.

### Key implications and some reservations

From the above analysis it can be concluded that:

- The total amount borrowed by individuals from banks exceeded the total amount deposited by individuals by a significant margin, although probably not by as much as is commonly believed. Mortgage advances constituted the bulk of individuals' borrowings from the banks.
- There are many more individuals who are net depositors with banks than net borrowers from banks. The number of net depositors who would be affected adversely by abnormally low interest rates (such as interest rates significantly and permanently under the rate of inflation) is therefore considerably greater than the number of net borrowers who would be affected beneficially by such interest rates. The distribution of households' preferences between high and low interest rates may, however, not be adequately reflected by these numbers, *inter alia* because:
  - (1) this analysis is based on a sample, with the usual risks involved;
  - (2) the head count may be misleading in that within a single household there may be several clients, some with net borrower and some with net depositor status;

the *number* of net depositors or borrowers may not adequately reflect where the household's interest really lies;

- (3) the same person who has a bank deposit in his or her personal capacity may indirectly be a borrower through his participation in an indebted business such as a partnership or company; the sample covers only individuals. However, some organisations in which the individual has an interest may quite well be net depositors, such as pension funds or long-term insurers;
- (4) some persons may be net depositors with a bank but simultaneously be debtors of a non-banking firm.

- The value of borrowings exceeded deposits since the average deposit was considerably smaller than the average advance. On a value-weighted basis, individuals' preferences between high and low interest rates may therefore differ from what may be expected on a simple head count.

- Those most likely to be borrowers from the banks were in their economically active years, and were probably a more vocal group than the young or the retired who were more likely to be depositors. The average sum borrowed from the banks was significantly larger than the average sum deposited, which was also conducive to borrowers being more vocal than depositors.

- The size of the average deposit reported for persons in the age group 70 years or higher was R20 790. This was large enough at current interest rates to cause the average such depositor to earn more than R2 000 interest per annum on deposit, therefore exceeding the tax-free interest earnings limit.

- A particularly defenceless group in the face of high inflation and low interest rates would clearly be those elderly depositors who live mainly off their interest income; lower inflation and positive real deposit interest rates would support their living standards.

- Similarly, the numerous "small" depositors, who typically receive interest at relatively low nominal rates, stand to benefit in the face of declining inflation and a slowdown in the erosion of their savings' purchasing power.

- Of course, some commentators would argue that it is not the interest income earned by depositors which is of primary importance in influencing their well-being, and that low interest rates, by encouraging spending, would stimulate economic growth, which would indirectly be to the benefit of everyone. Aside from a lack of evidence that such economic growth spurred by low interest rates would be of the lasting kind, the distribution of such benefits may clearly go against small depositors and the elderly.

- New instruments, such as flexible mortgages, may increasingly enable individuals to set off and consolidate their gross deposits and gross borrowings, for instance by depositing funds that were traditionally held in a fixed-deposit account, in a flexible mortgage account. This may have to be recognised in the analysis of the monetary and credit aggregates.

# Kwartaallikse ekonomiese oorsig

## Inleiding

Ekonomiese bedrywighede en produksie in Suid-Afrika het nou reeds vir meer as vier jaar 'n insinking beleef, wat beteken dat die huidige ekonomiese afwaartse beweging die langste resessie van hierdie eeu is. Die ekonomiese afwaartse beweging was nie net buitengewoon lank nie, dit het ook 'n groter nadelige invloed op die lewenstandaard en werkverskaffing as die meeste ander afwaartse fases gehad, afgesien van die depressie van die dertigerjare. Hoewel die *reële bruto binnelandse produk* in sommige van die vorige afwaartse fases al skerper gedaal het as die afname van 4 persent vanaf die eerste kwartaal van 1989 tot die eerste kwartaal van 1993, het die huidige afwaartse beweging na 'n lang tydperk van swak ekonomiese groei plaasgevind. In 'n omgewing waar die arbeidsmag teen 'n vinnige koers toegeneem het, het werkgeleenthede in die formele sektore van die ekonomie skerp afgeneem. Gevolglik was dit vir nie minder nie as 1,5 miljoen mense onmoontlik om sedert die aanvang van die resessie werk in die formele sektore van die ekonomie buiten die landbou te vind.

Nietemin het sekere positiewe ontwikkelings in die ekonomie teen die einde van 1992 en aan die begin van 1993 na vore gekom, naamlik:

- Die landbouproduksie, wat regdeur 1992 as gevolg van ongunstige weerstoestande aansienlik gedaal het, het vinnig herstel.
- Die fisiese omvang van die mynbouproduksie, wat reeds in 1992 effens toegeneem het, het hoofsaaklik vanweë die hoër goudproduksie verder gestyg.
- Die fisiese omvang van fabrieksproduksie het begin toeneem.
- Die hoeveelheid nuwe motors wat verkoop is, het in die tweede helfte van 1992 skerp toegeneem en in die eerste vyf maande van 1993 op 'n vergelykenderwys hoëvlak gebly.
- Die finansiële omgewing het betreklik bestendig gebly. Boonop het die prys van goud in rand uitgedruk sedert September 1992 skerp gestyg en het internasionale grondstofpryse sedert die begin van 1993 matig gestyg.

Dit is daarom nie verbasend nie dat die *reële bruto binnelandse produk* in die eerste kwartaal van 1993 effens gestyg het. Ongelukkig is daar nog belangrike ongunstige toestande wat 'n oplewing in die ekonomie aan bande lê. Veral die ekonomiese herstel in sommige van die groot nywerheidslande is nog steeds huiwerend en weifelend, terwyl ekonomiese bedrywighede in sommige van die ander lande steeds verlangsaam, wat

nie vir vinnige groei in die uitvoer bevorderlik is nie. Binnelands is die gebrek aan beleggersvertroue, wat spruit uit onsekerheid omtrent die toekomstige politieke ontwikkelinge, oproerigheid en geweld, die grootste ontmoedigende faktor vir 'n ekonomiese oplewing. Die reële vaste investering het derhalwe in die eerste kwartaal van 1993 aangehou om te daal tot 'n vlak van 15 persent van die bruto binnelandse produk. Hierdie afname in die binnelandse kapitaalvorming hou 'n ernstige bedreiging in vir die vermoë van die land om sy groeipotensiaal te verbeter.

Hoewel die private verbruiksbesteding in die eerste kwartaal van 1993 effens gestyg het, bly die verbruikersvraag swak. Faktore soos afnames in die reële persoonlike beskikbare inkomse, swak vooruitsigte op 'n verbetering van huishoudings se finansiële toestand en deurlopende onsekerheid oor werkgeleenthede, het menige persoon genoeg om skuld af te los eerder as om verbruiksbesteding te verhoog. Huishoudings het gevoldlik in die negentigerjare in verhouding minder aan duursame goedere bestee – 'n tipiese kenmerk van 'n ekonomie in 'n lang resessie.

Ondanks die lang en skerp afwaartse beweging in ekonomiese bedrywigheide, is positiewe groeikoerse in die reële arbeidseenheidskoste tot in die vierde kwartaal van 1992 aangeteken. Dit het nie slegs tot die afdanking van werkers bygedra nie, maar het ook 'n sterk opwaartse sydigheid aan produksiekoste en prysse verleen. Inflasie het nietemin aansienlik verlangsaam as gevolg van die beginselvaste monetêre beleid wat ten doel het om die groeikoers in die geldvoorraad te verlaag. Ander faktore het egter onlangs begin om weer opwaartse druk op produksie- en verbruikerspryse uit te oefen. Hierdie faktore sluit in die skerp depresiasi van die rand teenoor die meeste van die belangrikste geldeenheide en 'n styging in onderwysgelde, indirekte belasting en brandstofpryse. Die koers van toename oor twaalf maande in verbruikerspryse het derhalwe vanaf vlakke van net minder as 10 persent tot 11 persent in April 1993 gestyg. Hierdie opwaartse beweging in prys behoort van verbygaande aard te wees, mits hierdie veranderings nie verwagtings van hoër prysstygings aanwakker nie.

Bowendien behoort die heersende finansiële toestande lae prysstygings te bevorder. Die koers van toename in die geldvoorraad, wat in 1992 gemaklik binne die riglyne vir die groei in die geldvoorraad gebly het, het aan die begin van 1993 tot onderkant die laer grens van die nuwe riglyne gedaal. Hoewel die totale binnelandse kredietverlening in die eerste drie maande van 1993 tot ietwat hoër vlakke as die inflasiekoers gestyg het, het onderliggende toestande nie 'n skerp toename in kredietverlening begunstig nie. Belangrike veranderings

in wetgewing en in regulasies met betrekking tot die vereiste reserwebates van banke en die Reserwebank se metode van akkommodasieverlening is ook aan die begin van 1993 aangebring. Hierdie veranderings behoort verder by te dra tot die beter funksionering van die finansiële sektor en die geldmark.

Toestande in die sekondêre kapitaalmark het gedurende die eerste vier maande van 1993 betreklik lewendig gebly. Aandelepryse het skerp herstel en groot stygings is in die waarde van transaksies in aandele, vaste-rentedraende effekte en afgeleide instrumente aangegeteken. In die primêre kapitaalmark het die bedrag aan fondse wat leners in die openbare sektor deur middel van nuwe uitgiftes van vaste-rentedraende effekte opgeneem het, ook skerp toegeneem. As gevolg van 'n betreklik lae opbrengs op belegging in vaste eiendom, politieke onsekerhede en 'n daling in die lewenstandaard, het die transaksies in vaste eiendom op 'n laevlak gebly. Kapitaalmarkrentekoerse, wat in die laaste kwartaal van 1992 gestyg het, het in die eerste paar maande van 1993 effens gedaal voordat dit weer opwaarts geneig het. Die afwaartse neiging in die geldmarkrentekoerse regdeur 1992 en in die eerste twee maande van 1993, is daarna ook omgekeer deur 'n effense verstewiging in koerse oor die volgende drie maande.

Ondanks die laevlak van die reële ekonomiese bedrywighede het die oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans in die eerste kwartaal van 1993 aansienlik afgeneem tot 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van slegs R0,7 miljard. Hierdie afname in die oorskot op die lopende rekening kon nie aan swak landboustoestande toegeskryf word nie; in der waarheid het die invoer van landbouprodukte afgeneem en die uitvoer toegeneem vanweë die beter weerstoestande. Hierdie skerp afname in die oorskot op die lopende rekening was deels te wyte aan buitengewone omstandighede wat verband gehou het met 'n daling in die internasionale oliepryse, wat weer aanleiding gegee het tot die invoer van meer olie en terselfdertyd ook tot 'n stygging in die voorraadvlakte en in die totale binnelandse besteding. Die oorskot is egter ook verminder deur 'n skerp afname in die goedere-uitvoer, veral in die eerste maande van 1993. Die maandelikse seisoensaangesuiwerde waarde en fisiese omvang van die uitvoer van goedere het daarna weer tot hoëvlakke in April 1993 gestyg.

'n Verdere groot netto kapitaaluitvloeiing van R3,7 miljard na die res van die wêreld is in die eerste kwartaal van 1993 aangeteken. Dit het die totale netto kapitaaluitvloeiing oor die ses maande van Oktober 1992 tot Maart 1993 op nie minder nie as R7,2 miljard te staan gebring. Ongunstige vervroegings en vertragings in buitelandse betalings en ontvangste, wat verband gehou het met die sterk Amerikaanse dollar op die internasionale markte, die betreklik lae koste en geredelike beskikbaarheid van binnelandse handelsfinansiering en die voortslepende politieke en maatskaplike onsekerheid, het voortgegaan om 'n

afname in die buitelandse korttermynlaste van die land te veroorsaak. 'n Verdere, ofskoon matiger, uitvloeiing van langtermynkapitaal is ook in die eerste kwartaal van 1993 aangeteken vanweë die terugbetaling van lenings ingevolge die Derde Tussentydse Skuldooreenkomis en die aflossing van toondereffekte en skuldbriewe wat verval het.

Die groot netto kapitaaluitvloeiing, saam met die klein oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans, het veroorsaak dat die netto en bruto goud- en ander buitelandse reserwes in die eerste kwartaal van 1993 gedaal het. Ten spyte van 'n toename van R2,4 miljard in laste verwant aan reserwes, het Suid-Afrika se totale bruto goud- en ander buitelandse reserwes van die einde van Augustus 1992 tot aan die einde van Maart 1993 met R3,7 miljard tot 'n vlak van R9,5 miljard gedaal, of tot 'n vlak wat gelykstaande is aan die waarde van 1,5 maande se invoer van goedere en dienste. Die verswakkning in die totale betalingsbalanspositie het in die eerste vyf maande van 1993 aanleiding gegee tot 'n daling van 6 persent in die nominale effektiewe wisselkoers van die rand. Dit beteken noodwendig dat die reële effektiewe wisselkoers van die rand ook skerp gedaal het.

Sover dit die openbare finansies aangaan, is die laaste kwartaal van die fiskale jaar 1992/93 gekenmerk deur 'n aansienlike toename in die skatkisuitreikings, grotendeels vanweë die droogtehulp aan boere en die voortgesette hoëvlak van ander lopende uitgawes. Terselfdertyd het die skatkisontvangste weer heelwat swakker gevaaar as wat verwag is, wat 'n groter tekort voor lenings en skuldaflassing tot gevolg gehad het. Dit het die leningsbehoefte van die openbare sektor vir die fiskale jaar 1992/93 op R32,2 miljard te staan gebring – die hoogste wat dit nog ooit was. In verhouding tot die bruto binnelandse produk het die leningsbehoefte van die openbare sektor 9,7 persent beloop.

## Binnelandse ekonomiese ontwikkelings

### Binnelandse produksie

Nadat die reële bruto binnelandse produk gedaal het teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse wat van 2 en 3 persent in die eerste twee kwartale van 1992 tot 5½ en 4½ persent in die laaste twee kwartale versnel het, word geraam dat dit in die eerste kwartaal van 1993 met bykans 1 persent toegeneem het. Ondanks hierdie styging, is die vlak van die binnelandse produksie in die eerste kwartaal van 1993 nog steeds 3 persent laer as in die eerste kwartaal van 1992.

Die ietwat gunstiger toestande vir binnelandse produksie aan die begin van 1993 kan toegeskryf word aan 'n verbetering in die landbouthoestande en 'n klein styging in die mynbou- en die fabrieksproduksie. Toenames in die produksie van hierdie sektore het dalings in die reële toegevoegde waarde van die ander sekondêre sektore en die tersiêre sektor (in sy geheel) uitgeskakel.

Landbouproduksie wat regdeur 1992 aansienlik gedaal het vanweë die swak weerstoestande, het in die eerste kwartaal van 1993 vinnig herstel. Hierdie toename kan grootliks toegeskryf word aan die terugkeer tot meer normale produksievlekke ná die mislukking van die

koringoes in die vierde kwartaal van 1992. Die reële landbouproduksie was in die eerste kwartaal van 1993 egter aansienlik laer as in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande jaar.


Die reële produksie van die mynbousektor het in die eerste kwartaal van 1993 teen 'n jaarkoers van 1 persent toegeneem, teenoor toenames teen 'n jaarkoers van ongeveer ½ persent in sowel die derde as die vierde kwartaal van 1992. Die verdere toename in die reële toegevoegde waarde van mynbou-ondernehemings was die netto gevolg van hoér goud- en diamantproduksie wat klein dalings in die produksie van ander mynbouprodukte uitgeskakel het. Die diamantproduksie is verhoog om te vergoed vir die ontwrigting in die aanbod uit Angola en Rusland, terwyl die ontginning van erts met 'n hoér goudinhoud tot 'n styging in die goudmynbouproduksie gelei het. 'n Swak binnelandse vraag en die trae ekonomiese herstel in Suid-Afrika se vernamste handelsvennootlande het voortgegaan om 'n negatiewe invloed op die reële toegevoegde waarde van ander mynbou-ondernehemings te hê.

Die reële produksie van die fabriekswese, wat in 1992 met 3 persent afgeneem het, het in die eerste kwartaal van 1993 effens gestyg. Die toename teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van ongeveer ½ persent in die eerste kwartaal van 1993 in die reële toegevoegde waarde van die fabriekswese is voorafgegaan deur 'n geringe verbetering van ongeveer 1 persent in die benutting van die produksievermoë in die vierde kwartaal van 1992. Die fabrieksproduksie is ook bevoordeel deur die produksie van Mossgas wat teen die einde van 1992 in bedryf gekom het, asook deur minder werkstopsettings en meer man-ure gewerk gedurende die eerste drie maande van 1993.


'n Klein afname in die reële produksie van die ander sekondêre sektore, was die gesamentlike resultaat van feitlik geen verandering in die toegevoegde waarde van ondernemings wat elektrisiteit, gas en water voorsien, en die reële toegevoegde waarde van die konstruksiesektor wat skerp bly afneem het.

Die reële toegevoegde waarde in die tersiêre sektore het in die eerste kwartaal van 1993 teen 'n jaarkoers van ongeveer 1 persent afgeneem; in die laaste helfte van 1992 is klein toenames in die reële toegevoegde waarde van hierdie sektore aangeteken. Die afname in die toegevoegde waarde deur die tersiêre sektore in die eerste kwartaal van 1993 het hoofsaaklik in die groothandel en die kleinhandel plaasgevind. Dit het ook 'n nadelige uitwerking op die bedrywigheid van die vervoersektor gehad, wat daartoe gelei het dat hierdie sektor se reële toegevoegde waarde teen 'n jaarkoers van bykans 6 persent afgeneem het. In teenstelling met hierdie ontwikkelings het die reële toegevoegde waarde deur die motorhandel verder gestyg as gevolg van die bekendstelling van nuwe modelle en 'n toename in die vraag in afwagting van prysstyging. Die reële toegevoegde waarde van die finansiële dienstesektore het ook in die eerste kwartaal van 1993 verder toegeneem.


### Reële bruto binnelandse produk



### Komponente van reële bruto binnelandse produk



### Reële private verbruiksbesteding



Die totale reële vaste investering het steeds bly daal, hoewel teen 'n laer koers.

Die reële verbruiksbesteding deur huishoudings het in die eerste kwartaal van 1993 effens gestyg teen 'n jaarkoers van sowat  $\frac{1}{2}$  persent. Die geringe verbetering in die reële verbruiksbesteding het plaasgevind na 'n voortgesette afname vir sewe agtereenvolgende kwartale wat vanaf jaarkoerse van 3 persent in die eerste helfte van 1992 tot 1 persent in die tweede helfte van die jaar afgeneem het. Dit het in 1992 in sy geheel tot 'n afname van 5 persent in die reële verbruiksbesteding per hoof van die bevolking geleid. Verdere dalings in die reële private verbruiksbesteding is verhoed deur vooruit-aankope om die hoër pryse as gevolg van 'n algemeen verwagte toename in die koers van die belasting op toegevoegde waarde te vermy. Die verdere verlaging in Bankkoers op 9 Februarie 1993 en die daaropvolgende afwaartse aanpassing van verbandkoerse het die huishoudings se bruto skuld en renteverpligtinge afwaarts laat bly neig; dit kon effens hoër bestedingsvlakke ook aangemoedig het.

Die verbruikersvraag bly nietemin swak en daar is nog geen duidelike teken dat dit bokant die gemiddelde vlak van verlede jaar sal styg nie. Die onwilligheid van verbruikers om toekomstige inkomste te verbind aan grootskaalse aankope wat deur middel van lenings

### Binnelandse besteding

Die totale reële bruto binnelandse besteding het na raming teen 'n jaarkoers van 8 persent in die eerste kwartaal van 1993 toegeneem, nadat koerse van afname van 4 persent en 8 persent in die tweede en derde kwartaal en bykans geen verandering in die vierde kwartaal aangeteken is nie. Die aansienlike toename in die binnelandse besteding was hoofsaaklik die resultaat van 'n skerp toename in voorrade teen konstante pryse gewaardeer, wat 'n verdere afname in die reële binnelandse finale vraag meer as net geneutraliseer het. Die koers van afname in die finale vraag het in die eerste kwartaal van 1993 egter merkbaar verlangsaam as gevolg van 'n klein toename in die verbruiksbesteding.

gefinansier word, kan waarskynlik toegeskryf word aan 'n daling in die reële persoonlike beskikbare inkomse, swak vooruitsigte vir die huishoudings se finansiële posisie, voortdurende kommer oor werksekerheid, die hoë werkloosheid en die lae vlak van verbruikersvertroue. Hierdie faktore het baie persone genoop om die vlak van hulle skuldverpligtinge te verlaag eerder as om hul verbruiksbesteding te verhoog.



Die stadige groei en onlangse afname in die reële persoonlike beskikbare inkomse, die hoë koers van werkloosheid en 'n herverdeling van inkomse ten gunste van huishoudings met 'n betreklike sterk voorkeur vir verbruik, het in die negentigerjare 'n betekenisvolle verandering in huishoudings se bestedingspatrone teweeggebring. Huishoudings se besteding op nie-duursame goedere en dienste (dit wil sê goedere van 'n nie-diskresionêre en meer noodsaklike aard) het van 73 persent van totale verbruiksbesteding in 1990 tot 75 persent in die eerste kwartaal van 1993 gestyg. Die besteding aan duursame en semi-duursame goedere het dienooreenkomsdig oor dieselfde tydperk van 27 persent tot 25 persent gedaal. Hierdie soort ontwikkeling is kenmerkend van 'n ekonomie in 'n lang uitgerekte resessie waar huishoudings gedwing word om minder aan meer weelderige goedere te bestee.

*Die reële verbruiksbesteding deur die algemene owerheid* het in die eerste kwartaal van 1993 ook 'n geringe toename van minder as  $\frac{1}{2}$  persent getoon; in 1992 het die koers van toename in hierdie totaal reeds van 6 persent in die eerste kwartaal tot 1 persent in die vierde kwartaal verlangsaam. Die lae groei in die eerste kwartaal van 1993 was hoofsaaklik die gevolg van 'n afname in die reële vergoeding van werknemers wat in 'n mate die styging in die reële besteding aan intermediêre goedere en dienste teengewerk het. Die stadiger groei in die reële owerheidsverbruiksbesteding bring die koers van toename in hierdie totaal op slegs 1 persent in die volle fiskale jaar 1992/93 te staan; in die fiskale jaar 1991/92 het hierdie tipe besteding nog met  $2\frac{1}{2}$  persent toegeneem.

Na 'n daling van  $8\frac{1}{2}$  en 10 persent in 1991 en 1992, het die reële bruto binnelandse vaste investering in die eerste kwartaal van 1993 verder teen 'n jaarkoers van 4 persent afgeneem. Die verhouding van die bruto binnelandse vaste investering tot die bruto binnelandse produk het gevvolglik tot 15 persent in die eerste kwartaal van 1993 verswak; in 1991 en 1992 het hierdie verhouding onderskeidelik 18 en 16 persent bedra. Die afwaartse beweging in investering in die begin van die negentigerjare was 'n voortsetting van die neiging wat in die tagtigerjare waargeneem is, toe investering gaandeweg deur verbruiksbesteding vervang is. Die afname in die verhouding van die binnelandse kapitaalvorming tot die bruto binnelandse produk hou 'n ernstige bedreiging in vir die vermoë van die land om sy groeivermoë te versterk.

Die swak vertoning van vaste investering is waarskynlik grootliks toe te skryf aan 'n gebrek aan beleggers-

### Reële bruto binnelandse vaste investering



vertroue vanweë die onsekerheid oor die toekomstige politieke ontwikkelings, die voortslepende binnelandse geweld en onrus. Ewe belangrik is die hoë vlak van onbenutte produksievermoë, die hoë koers van inflasie, die lae vlak van die binnelandse vraag en die resessie wat in baie van Suid-Afrika se belangrikste handelsvennootlande ondervind word. Verder was eksogene skokke, soos die ernstige droogte van 1992 en die aansienlike afname in die internasionale grondstofpryse sedert die middel van 1988, nie vir kapitaalvorming bevorderlik nie.

Die stadiger koers van afname in die reële vaste investering in die eerste kwartaal van 1993 was deels die gevolg van die verhoogde kapitaalvorming deur Eskom en die kleiner dalings in die reële kapitaalbesteding deur sommige van die ander openbare korporasies, wat 'n toename teen 'n jaarkoers van  $1\frac{1}{2}$  persent in die totale vaste investering deur die openbare korporasies tot gevolg gehad het. Die reële kapitaalbesteding deur die

algemene owerheid het ook vir die tweede agtereenvolgende kwartaal teen 'n jaarkoers van 3½ persent gestyg. Verder het die koers van afname in die reële vaste kapitaalvorming deur die private sektor merkbaar verlangsaam van 'n jaarkoers van 6½ persent in die vierde kwartaal van 1992 tot effens meer as 3 persent in die eerste kwartaal van 1993. Toenames is selfs aangeteken in die vaste investering van die landbou, die handel en in private woongeboue. Vaste investering deur private ondernemings in die mynbou, fabriekswese, konstruksie en finansiering het egter verder gedaal. Die reële kapitaalvorming deur die openbare owerhede het in die eerste kwartaal van 1993 ook weer gedaal, nadat 'n aansienlike toename in die vorige kwartaal aangeteken is.


Die toename in die reële investering in voorrade in die eerste kwartaal van 1993 het plaasgevind na 'n bykans ononderbroke afname in voorrade sedert die derde kwartaal van 1989. Die opbouing van voorrade in die eerste kwartaal het saamgeval met 'n toename in die hoeveelhede van goedere-invoer en 'n swakker vraag na uitvoere as gevolg van ietwat uitsonderlike omstandighede. Die hoër koers van voorraadopbouing het gevollik hoofsaaklik in die mynbou, die fabriekswese en die handelsektore plaasgevind – veral in die groot- en die motorhandel en in die voorraad van diamante in die handel. Ten spyte van die toename in die nywerheids- en handelsvoorraade het die verhouding van hierdie voorrade tot die bruto binnelandse produk vir die sektore van die ekonomie buite die landbou in die eerste kwartaal van 1993 feitlik onveranderd gebly op die lae vlak van 17 persent wat in die vierde kwartaal van 1992 bereik is.

### Faktorinkome

Die koers van toename in die totale nominale faktorinkome teen markpryse oor 'n tydperk van 12 maande, het merkbaar verlangsaam van 14 persent in die vierde kwartaal van 1991 tot 8 persent in sowel die vierde kwartaal van 1992 as die eerste kwartaal van 1993. Die koers van toename in die eerste kwartaal van 1993 was heelwat laer as die gemiddelde jaarkoers van toename van 13 persent en 10 persent wat onderskeidelik in 1991 en 1992 aangeteken is. Die kleiner toename in die faktorinkome in die eerste kwartaal van 1993 was die netto gevolg van stadiger groei in die totale arbeidsvergoeding en 'n skerper toename in die totale bruto bedryfsurplus.

Die koers van toename in die totale nominale salaris en lone oor 'n tydperk van 12 maande het van 16½ persent in die vierde kwartaal van 1990 tot 11½ persent in die vierde kwartaal van 1992, en verder tot 10 persent in die eerste kwartaal van 1993 afgeneem. 'n Sektorale ontleding dui daarop dat hierdie stadiger groei in die totale vergoeding van werknemers in verskeie sektore ondervind is, maar dit was veral duidelik waarneembaar in die mynbou, fabriekswese en handelsektore. Die stadiger groei in loonverhogings is teweeggebring deur meer realistiese looneise van sekere vakbonde as gevolg van 'n voortgesette afname in werkgeleenthede. Hierdie

### Arbeidsvergoeding as persentasie van bruto binnelandse produk



ontwikkelings het geleei tot 'n afname in die verhouding van arbeidsvergoeding tot die bruto binnelandse produk vanaf die hoë vlak van 62 persent in die vierde kwartaal van 1992 tot 61 persent in die eerste kwartaal van 1993.


Die persentasieverandering oor een jaar in die bruto bedryfsurplus, wat van 14½ persent in die vierde kwartaal van 1991 tot 'n beskeie 3 persent in die vierde kwartaal van 1992 afgeneem het, het aansienlik gestyg tot 7½ persent in die eerste kwartaal van 1993. Hierdie versnelling kan hoofsaaklik toegeskryf word aan sterk toenames in die bedryfsurpluses van die landbou en die mynbou. Die bedryfsurplus van landbou-ondernemings het klaarblyklik as gevolg van die beter weerstoestande toegeneem, terwyl die goudmyne voordeel getrek het uit die toename in die randwaarde van die goudprys, stygende omvang van produksie en die algemene besnoeiing van kostes in hierdie bedryfstak. Verskeie ondernemings in die fabriekswese, handel en finansiewese het ook beter finansiële resultate vir die eerste kwartaal van 1993 aangemeld.

### Binnelandse besparing

Die binnelandse besparingsverhouding (dit wil sê, die verhouding van die bruto binnelandse besparing tot die bruto binnelandse produk), wat van ongeveer 24 persent in die eerste kwartaal van 1990 tot 'n laagtepunt van 14½ persent in die derde kwartaal van 1992 gedaal het, het effens verbeter tot 15½ persent in sowel die vierde kwartaal van 1992 as die eerste kwartaal van 1993. Hierdie verhoudings kan vergelyk word met die gemiddelde van 24½ persent gedurende die tagtigerjare.

Die lae binnelandse besparingsverhoudings sedert 1991 was hoofsaaklik die gevolg van aansienlike ontsparing deur die algemene owerheid. Die totale netto ontsparing deur die algemene owerheid het van R1,1 miljard in 1990 tot R8,6 miljard in 1991 en R15,5 miljard in 1992 toegeneem. In die eerste kwartaal van 1993 het die netto ontsparing deur die algemene owerheid teen 'n

### Bruto binnelandse besparing as persentasie van bruto binnelandse produk




seisoensaangesuiwerde jaarkoers R16,0 miljard bedra. Hierdie verdere toename in die ontsparing deur die owerheid was die gevolg van 'n skerp toename in die lopende uitgawes en slegs 'n geringe toename in die lopende inkomste van die owerheid.

Die jongste verbetering in die binnelandse besparingsverhouding was dus hoofsaaklik veroorsaak deur 'n toename in die besparing deur die private sektor, en in die besonder die besparing deur maatskappye betrokke in mynboubedrywighede en finansiële dienste. Netto besparing deur huishoudings het laag gebly en die verhouding van die persoonlike besparing tot die persoonlike beskikbare inkomste het van 'n hoogtepunt van 3 persent in die tweede kwartaal van 1992 tot 2 persent in die eerste kwartaal van 1993 afgeneem.

### Werkverskaffing

Die lang en later strawwe afwaartse beweging in die ekonomiese bedrywighede het 'n ernstige uitwerking op die werkverskaffing in die formele sektore van die ekonomie gehad. Die *totale werkverskaffing* in die ekonomiese sektore buite die landbou het in die vierde kwartaal van 1989 begin daal en het daarna in bykans elke daaropvolgende kalenderkwartaal tot en met die vierde kwartaal van 1992 afgeneem. Die totale werkverskaffing het gedurende 1992 baie vinnig gedaal teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van onderskeidelik 3,7, 2,2 en 3,3 persent in die eerste drie kwartale van die jaar; 'n skielike verlangsamming in die personeelvermindering in die private sektor en 'n toename in die werkverskaffing deur die openbare owerhede het daarna

### Werkverskaffing in nie-landbousektore



veroorsaak dat die totale werkverskaffing in die vierde kwartaal slegs effens afgeneem het teen 'n koers van 0,1 persent.

Vir die jaar 1992 in geheel het die totale werkverskaffing in die sektore van die ekonomie buite die landbou met 2,0 persent gedaal, dit wil sê teen dieselfde koers as in die voorafgaande jaar en teen 'n aansienlik hoër koers as die afname van 0,5 persent in 1990. Sedert die begin van die afwaartse beweging in die totale werkverskaffing tot in die vierde kwartaal van 1992 het die werkverskaffing in die formele sektore van die ekonomie buite die landbou met 5,3 persent gedaal (sowat 288 000 persone is hierdeur geraak). Terselfdertyd het die aantal nuwe werksoekers die arbeidsmark teen 'n koers van ongeveer 300 000 persone per jaar betree. Dit beteken dat 'n addisionele aantal van bykans 1,5 miljoen persone sedert die begin van die resessie nie werk in die formele sektore van die ekonomie buite die landbou kon vind nie.

Afdankings in die *private sektor* was veral vir die vermindering van werkgeleenthede verantwoordelik. Die werkverskaffing in die private sektor het teen koerse van

0,7 en 3,4 persent in 1990 en 1991 en teen 'n koers van 2,9 persent in 1992 afgeneem. In die vierde kwartaal van 1992 het die werkverskaffing in die private sektor egter teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van slegs 0,6 persent gedaal, teenoor koerse van 4,5, 2,5 en 5,6 persent in die eerste drie kwartale van die jaar. Hierdie skerp verlangsaaming was hoofsaaklik te wyte aan groter werkverskaffing in die fabriekswese, die groot- en kleinhandel en die versekeringsbedryf, terwyl 'n aansienlik laer koers van personeelverminderings in die mynboubedryf aangeteken is.

Die gemiddelde vlak van die werkverskaffing deur die *openbare owerhede* het in 1992 bykans onveranderd gebly op die vlak wat in die voorafgaande jaar bereik is, nadat dit met 0,1 persent in 1990 en met 1,6 persent in 1991 gegroeи het. Die kwartaallike veranderings in 1992 was egter taamlik onbestendig: afnames teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van 1,7 en 1,6 persent in die eerste twee kwartale van die jaar is gevvolg deur toenames teen koerse van 2,0 en 1,2 persent in die laaste twee kwartale.


In ooreenstemming met die afname in die totale werkverskaffing het die seisoensaangesuiwerde aantal *geregistreerde werklose werkers* sedert die begin van die huidige konjunkturele afwaartse fase skerp toegeneem. Die gemiddelde vlak van die *geregistreerde werklose werkers* gedurende 1992 was soveel as 16,2 persent hoër as die gemiddelde vir 1991. In Januarie 1993 het die totale aantal *geregistreerde werklose persone* op bykans 300 000 te staan gekom.

### **Arbeidskoste en produktiwiteit**

Gedeeltelik omdat die afgedankte werkers hoofsaaklik uit laer besoldigde loon- en salaristrekkers bestaan het, het die koers van toename in die gemiddelde maandelikse *vergoeding per werker* op betreklik hoë vlakke gebly ondanks die matiger loonskikkings tussen werkgewers en vakbondes. Die koers van toename in die gemiddelde maandelikse *nominale* salaris en lone per werker het slegs matig afgeneem van 'n onlangse hoogtepunt van 18,0 persent in 1989 tot 15,8 en 15,3 persent in 1991 en 1992. Die koers van toename oor vier kwartale in die *nominale* lone per werker in die sektore van die ekonomie buite die landbou het ook matig afgeneem van 'n hoogtepunt van 19,1 persent in die vierde kwartaal van 1989 tot 14,9 persent in die vierde kwartaal van 1992. Die resessie en die gevvolglike groei in die werkloosheid het dus nie enige beduidende matigende uitwerking op die toenames in die gemiddelde vergoeding van werkers in die formele sektore van die ekonomie gehad nie.

Dit word ook bevestig deur die groei in die gemiddelde maandelikse nominale salaris en lone per werker in die *private sektor* buite die landbou wat slegs matig verlangsaam het van 16,6 persent in 1990 tot 14,8 en 15,1 persent in die daaropvolgende twee jare. Die koers van toename oor vier kwartale in die nominale vergoeding per werker in die private sektor het gedurende die huidige resessie oor die algemeen

### **Reële vergoeding per werker in nie-landbousektore**




rondom 15 persent gewissel en het in die vierde kwartaal van 1992 15,3 persent beloop.

Hoewel die koers van toename in die nominale salaris en lone per werker in diens van die *openbare owerhede* aansienlik afgeneem het van 'n hoogtepunt van 21,9 persent in 1989 tot 15,4 persent in 1992, was die koers van toename in lone steeds betreklik hoog indien die stand van die ekonomie in aanmerking geneem word. Die koers van toename oor vier kwartale in die nominale salaris en lone per werker in diens van die *openbare owerhede* het egter in die jongste tyd van 18,7 persent in die vierde kwartaal van 1991 tot 13,7 persent in die vierde kwartaal van 1992 afgeneem.

As gevvolg van hierdie voortgesette hoë koerse van toename in die gemiddelde nominale lone per werker wat in diens geneem is, saam met laer koerse van prysstygings, het die koers van toename in die *reële loon per werker* (soos gedefleer deur die prysdeflator vir die bruto binnelandse produk buite die landbou) skerp versnel van 1,4 persent in 1991 tot 2,7 persent in 1992. Met die uitsondering van die eerste kwartaal van 1990 het die reële loon per werker in elke kalenderkwartaal sedert die begin van die huidige resessie toegeneem. Die koers van toename oor vier kwartale in die reële vergoeding per werker het boonop in die vierde kwartaal van 1992 nie minder nie as 3,8 persent beloop; in die eerste drie kwartale van die betrokke jaar het dit tussen 1½ en 3 persent gewissel.


Die aansienlike afname in die werkgeleenthede in die formele sektore van die ekonomie, eerder as 'n groter ywer onder werkers, het tot 'n verbetering in die

## Arbeidsproduktiwiteit in nie-landbousektore



arbeidsproduktiwiteit gelei. Die koers van toename in die waargenome reële produksie per werker het van 0,4 persent in 1990 tot 1,3 persent in 1991 en 1992 gestyg. Nadat die koers van toename oor vier kwartale in die

## **Reële arbeidseenheidskoste in nie-landbou-sektore**



arbeidsproduktiwiteit van 1,9 persent in die tweede kwartaal van 1991 tot 0,3 persent in die vierde kwartaal van 1991 afgeneem het, het dit weer tot 1,7 persent in die vierde kwartaal van 1992 gestyg.


Die toename in die arbeidsproduktiwiteit het veroorsaak dat die koers van toename in die *reële arbeidseenheidskoste* (soos gedefleer deur die prysdeflator vir die bruto binnelandse produk buite die landbou) aanvanklik van 1,4 persent in 1989 tot 0,1 persent in 1991 gedaal het. Die koers van verandering in die reële arbeidseenheidskoste het later weer tot 1,4 persent in 1992 versnel as gevolg van die vinniger toename in die reële loon per werker gedurende hierdie tydperk. Die koers van toename oor vier kwartale in die reële arbeidskoste per eenheid fisiese produksie het van 0,3 persent in die vierde kwartaal van 1991 tot 2,3 persent in die tweede kwartaal van 1992 versnel; daarna het dit kortstondig tot 0,3 persent in die derde kwartaal gedaal voordat dit weer tot 2,1 persent in die vierde kwartaal van 1992 gestyg het. Die reële arbeidseenheidskoste, soos gemeet oor tydperke van vier kwartale, het in bykans elke kwartaal sedert die begin van die huidige konjunkturele afwaartse fase toegeneem. Dit het noodwendig bygedra tot die afdanking van werkers, maar het ook 'n sterk opwaartse neiging in produksiekoste en pryse tot gevolg gehad.

Pryse

Ondanks die opwaartse druk van stygende arbeidskoste op pryse, het die inflasiekoers regdeur 1992 en in die eerste drie maande van 1993 opmerklik verlangsaam. Die koers van toename in die omvattende produksieprysindeks het inderdaad van 15,2 persent in 1989 tot 'n enkelsyfervlak van 8,3 persent in 1992 afgeneem – dit was die eerste jaarlike enkelsyferkoers van toename in hierdie indeks sedert 1984. Die koers van toename in die produksiepryse, gemeet oor tydperke van twaalf maande, het sedert November 1991 enkelsyfervlakte gehandhaaf, maar het onlangs van 'n laagtepunt van 6,7 persent in Januarie en Februarie 1992 tot 9,5 persent in Augustus versnel; daarna het dit tot 7,3 persent in Desember afgeneem voordat dit weer tot 8,3 persent in Februarie en 8,0 persent in Maart 1993 gestyg het. Hierdie styging in die produksiepryse was hoofsaaklik te wye aan 'n gepaardgaande versnelling in die koers van toename oor tydperke van twaalf maande in die prys van ingevoerde goedere van negatiewe vlakke van 1,9 en 0,9 persent in die eerste twee maande van 1992 tot 'n positiewe vlak van 5,6 persent in Maart 1993. Die koers van toename oor tydperke van twaalf maande in die prys van binnelands geproduseerde goedere het daarenteen van 'n onlangse hoogtepunt van 10,3 persent in Augustus 1992 tot 8,5 persent in Maart 1993 afgeneem.

In teenstelling met hierdie ontwikkelings in die produksiepryse, het die koers van toename in die omvattende verbruikersprysindeks aanvanklik van 14,4 persent in 1990 tot 15,3 persent in 1991 versnel voordat dit tot 13,9

## Produksie- en verbruikerspryse



## Persentasieveranderings in verbruikerspryse

	Goedere	Dienste	Totaal
1989 .....	15,2	13,6	14,7
1990 .....	15,5	12,2	14,4
1991 .....	17,0	12,6	15,3
1992 .....	16,3	11,2	13,9
Kwartaalliks*			
1992 1ste kwartaal ....	14,8	9,8	13,0
2de kwartaal ....	15,3	11,4	12,7
3de kwartaal ....	16,4	7,8	12,2
4de kwartaal ....	6,7	0,4	4,7
1993 1ste kwartaal ....	8,0	6,2	8,2

\* Vergelyke met die voorafgaande kwartaal teen seisoens-aangesuiwerde jaarkoerse.

gevolg van heelwat opwaartse druk op kleinhandelspryse het die koers van toename oor tydperke van twaalf maande in die omvattende verbruikersprysindeks eers in Oktober 1991 'n hoogtepunt van 16,8 persent bereik – elf maande na die hoogtepunt in die produksieprysinflasie. Die koers van toename in die verbruikerspryse het daarna tot slegs 9,0 persent in Februarie 1993 afgeneem – die laagste koers van toename sedert Junie 1978 toe 'n koers van 8,2 persent aangeteken is.

Hierdie laer inflasiekoerse kan in 'n mate toegeskryf word aan die swak totale binnelandse vraag, laer koerse van toename in voedselprys en 'n verlaging van rentekoerse, veral die verbandkoerse. Nog belangriker weerspieël dit 'n strukturele afwaartse aanpassing in prysstygings in reaksie op die beginselvaste monetêre beleid wat daarop ingestel is om die groeikoers in die geldvoorraad te verlaag. Sommige faktore, soos die skerp depresiasi van die rand teenoor die meeste van die belangrike geldeenheide en stygtings in die koste van onderwys en indirekte belastings, het egter onlangs begin om weer opwaartse druk op verbruikerspryse uit te oefen. In Maart 1993 het die koers van toename in die omvattende verbruikersprysindeks, gemeet oor 'n tydperk van twaalf maande, skerp versnel tot 9,7 persent, hoofsaaklik as gevolg van 'n groot toename in die koste van onderwysdienste wat in die indeks vir hierdie maand ingesluit was. Indien die toename in die koste van onderwys buite rekening gelaat word, sou die verbruikerspryse oor die twaalf maande tot Maart 1993 met slegs 8,5 persent toegeneem het. Dit is gevolg deur 'n verdere stygging tot 11,0 persent in verbruikerspryse in April 1993 as gevolg van die inwerkingstelling van 'n stygging van 4 persentasiepunte in die belasting op toegevoegde waarde, stygtings in ander indirekte belastings en 'n stygging in die prys van brandstof. Hierdie opwaartse beweging van prys behoort egter van korte duur te wees mits hierdie bewegings nie verwagtings van hoër inflasie aanwakker nie.

persent in 1992 gedaal het. Die aanvanklike wye uiteenlopendheid tussen die produksie- en verbruikersprysinflasie was hoofsaaklik te wyte aan faktore soos die hoër toenames in die lone in die handelsektor as in die fabriekswese, hoë toenames in die prys van voedsel, die wyse waarop 'n nuwe stel gewigte vir die verbruikersprysindeks toegepas is, lae toenames in die prys van ingevoerde goedere, skerp toenames in die verbruikerspryse van dienste en die instelling van die belasting op toegevoegde waarde in Oktober 1991. As

## Persentasieveranderings in produksiepryse

	Binnelands geproduseerde goedere	Ingevoerde goedere	Alle goedere
1989 .....	14,9	16,3	15,2
1990 .....	12,5	10,1	12,0
1991 .....	12,1	8,3	11,4
1992 .....	9,1	4,2	8,3
Kwartaalliks*			
1992 1ste kwartaal	4,9	-0,5	4,4
2de kwartaal	11,9	10,1	11,0
3de kwartaal	11,5	15,3	12,5
4de kwartaal	4,5	-10,1	1,4
1993 1ste kwartaal	6,5	4,3	6,4

\* Vergelyke met die voorafgaande kwartaal teen seisoens-aangesuiwerde jaarkoerse.


## Buitelandse handel en betalings

### Saldo op lopende rekening

Die oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans (seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef) wat van R5,4 miljard in die eerste helfte tot R2,5 miljard in die tweede helfte van 1992 gedaal het, het in die eerste kwartaal van 1993 merkbaar verswak tot slegs R0,7 miljard. In teenstelling met die laaste helfte van 1992, kan hierdie skerp afname in die oorskot op die lopende rekening nie aan ongunstige landbouthouerstaande toege-skryf word nie; trouens, vergeleke met die vierde kwartaal van 1992, het die invoer van landbouprodukte in die eerste kwartaal van 1993 gedaal en die uitvoer van landbouprodukte het gestyg. Die kleiner oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans was die netto resultaat van 'n toename in die goedere-invoer buite die landbou en 'n afname in die goedere-uitvoer buite die landbou, wat die hoër waarde van die netto gouduitvoer en 'n afname in die netto dienste- en oordragbetalings aan die res van die wêreld uitgeskakel het.

Die waarde van die goedere-invoer het toegeneem van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R53,4 miljard in die vierde kwartaal van 1992 tot R56,4 miljard in die eerste kwartaal van 1993, of met 5½ persent. Indien



### Goedere-invoer




die invoer van landbouprodukte uitgesluit word, het die waarde van die ander goedere-invoer in die eerste kwartaal van 1993 met nie minder nie as 9 persent gestyg. Hierdie skerp styging in die waarde van die invoer was die gevolg van toenames in sowel die pryse as die hoeveelhede van ingevoerde goedere. Ten spyte van 'n skerp depresiasie van die rand, het invoerpryse in die eerste kwartaal van 1993 met slegs 2½ persent gestyg. Hierdie betreklike klein styging in invoerpryse is hoofsaaklik deur 'n daling in internasionale oliepryse meegebring. Die laer oliepryse het terselfdertyd merkbare toenames in die hoeveelhede van olie-invoere aangemoedig, wat wesentlik bygedra het tot 'n styging van 3 persent in die totale hoeveelheid van die goedere-invoer van die vierde kwartaal van 1992 tot die eerste kwartaal van 1993. Indien die invoer van landbou- en mineraalprodukte buite rekening gelaat word, het die hoeveelhede van die ander invoer in die eerste kwartaal van 1993 na raming met ongeveer 6 persent gedaal.

'n Aansienlike daling van 8 persent in die hoeveelhede van die uitvoer was in die eerste kwartaal van 1993 vir 'n afname van 4½ persent in die waarde van die goedere-uitvoer verantwoordelik. Hoewel dalings in die meeste van die belangrikste uitvoerkategorieë met die merkbare uitsondering van landbouprodukte, aangeteken is, het groot afnames in die uitvoer vanveral ferrochromium, koper, wol, suiker en vervaardigde produkte voorgekom. Die hoeveelhede van die goedere-uitvoer het gevoldig in verhouding tot die bruto binnelandse produk van 21½ persent in die vierde kwartaal van 1992 tot 19½ persent in die eerste kwartaal van 1993 gedaal. Hierdie swak uitvoerprestasie in die eerste kwartaal van 1993 het waarskynlik met die voortgesette traie ekonomiese toestande in die vernaamste nywerheidslande en die oor-aanbod van heelwat metale en minerale op internasionale markte verband gehou. Op 'n maandbasis het die waarde van die goedere-uitvoer, seisoensaangesuiwerd

### Betalingsbalans



## Goedere-uitvoer



en tot 'n jaarkoers verhef, egter van 'n laagtepunt van R44,8 miljard in Januarie 1993 tot R63,9 miljard in April toegeneem; dit beteken dat die hoeveelhede van die uitvoer van Februarie tot April 1993 ook skerp gestyg het.

Die gemiddelde prysvlak van die goedere-uitvoer het vanaf die vierde kwartaal van 1992 tot die eerste kwartaal van 1993 met 4 persent toegeneem. Hierdie skerp styging in die randprys van die uitvoer was deels die resultaat van 'n matige toename in internasionale grondstofpryse. Van groter belang is dat uitvoerpryse gestyg het as gevolg van die daling in die nominale effektiewe wisselkoers van die rand, wat in die eerste kwartaal van 1993 gemiddeld ongeveer 2½ persent beloop het.

Die waarde van die netto gouduitvoer, seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef, wat van R20,4 miljard in die derde kwartaal van 1992 tot R18,2 miljard in die vierde kwartaal gedaal het, het in die eerste kwartaal

van 1993 tot R21,1 miljard toegeneem. Hierdie skerp styging was die gesamentlike resultaat van toenames in prys en hoeveelhede. Die hoeveelhede van die netto gouduitvoer het in die eerste kwartaal van 1993 met 6½ persent gestyg, hoofsaaklik vanweë 'n hoër graad van erts wat gemaal is. Hoewel die prys van goud per fyn ons van VSA\$338 in die vierde kwartaal van 1992 tot \$329 in die eerste kwartaal van 1993 teruggesak het, het die gemiddelde vasstellingsprys in rand per fyn ons as gevolg van die depresiasie van die rand teenoor die VSA-dollar oor dieselfe tydperk van R1 002 tot R1 029 gestyg. Hoër inflasieverwagtings, 'n swakker dollar en 'n sterk vraag na goud in die Verre Ooste het daarná 'n aansienlike verstewiging in die goudprys vanaf die begin van April veroorsaak; in April 1993 was dit gemiddeld \$342 of R1 084 per fyn ons, in Mei 1993 was dit \$366 of R1 162, en op 31 Mei 1993 het dit teen \$379 verhandel.

Netto dienste- en oordragbetalings aan nie-inwoners, seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef, het van 'n buitengewoon hoë vlak van R12,2 miljard in die vierde kwartaal van 1992 tot R11,2 miljard in die eerste kwartaal van 1993 gekrimp. Hierdie verbetering was die gevolg van 'n afname van R0,6 miljard in betalings vir dienste en 'n toename van R0,4 miljard in ontvangste vir dienste. Laer toeristebesteding deur Suid-Afrikaners in die buitenland en hoër dividendontvangste op beleggings in ander lande het veral tot die verbetering bygedra.

## Kapitaalrekening

Die kapitaalrekening van die betalingsbalans, wat in die tweede helfte van 1992 merkbaar verswak het, het in die eerste kwartaal van 1993 'n verdere groot uitvloeiing van kapitaal getoon. Die totale netto uitvloeiing van kapitaal nie verwant aan reserwes nie het van die reeds hoë vlak van R3,5 miljard in die vierde kwartaal van 1992 tot R3,7 miljard in die eerste kwartaal van 1993 toegeneem – die hoogste vlak sedert die vierde kwartaal van 1991 en meer as tweemaal soveel as die gemiddelde kwartaallikse uitvloeiing van R1,6 miljard wat gedurende


## Lopende rekening van die betalingsbalans

Seisoensaangesuiwerde jaarkoerse

R miljarde

	1992				1993	
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	Jaar	1e kw
Goedere-uitvoer .....	47,5	49,6	49,5	49,4	49,0	47,2
Netto gouduitvoer .....	18,1	16,7	20,4	18,2	18,4	21,1
Goedere-invoer .....	-49,5	-49,2	-55,4	-53,4	-51,9	-56,4
Netto dienste- en oordragbetalings .....	-10,9	-11,6	-11,5	-12,2	-11,6	-11,2
<b>Saldo op lopende rekening .....</b>	<b>5,2</b>	<b>5,5</b>	<b>3,0</b>	<b>2,0</b>	<b>3,9</b>	<b>0,7</b>

## Netto kapitaalbewegings



1992 aangeteken is.

Die netto uitvloeiing van *korttermynkapitaal* (inclusief onaangetekende transaksies, maar uitgesonderd laaste verwant aan reserwes) het in die eerste kwartaal van 1993 R3,5 miljard beloop; die netto uitvloeiing van korttermynfondse was in die vierde kwartaal van 1992 R2,6 miljard. Ongunstige vervroegings en vertragings in buitelandse betalings en ontvangstes, die betreklik lae koste en geredelike beskikbaarheid van binnelandse handelsfinansiering, en die voortslepende politieke en sosiale onsekerheid het die voortdurende afname in die land se buitelandse korttermynlaaste begunstig.

Die netto uitvloeiing van *langtermynkapitaal* het van R0,9 miljard in die vierde kwartaal van 1992 tot R0,2 miljard in die eerste kwartaal van 1993 gekrimp. Hierdie uitvloeiing was hoofsaaklik die gevolg van die terugbetaling van R550 miljoen wat ingevolge die Derde Tussentydse Skuldreëlingsooreenkoms in Februarie 1993 aan buitelandse krediteure gemaak is en die aflossing van toondereffekte ten bedrae van R600 miljoen in Maart. Die netto aankope deur nie-inwoners van effekte wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer word, was gedeeltelik vir die netto invloeiing van langtermynkapitaal van R0,4 miljard in die eerste kwartaal van 1993 verantwoordelik. (Hierdie aankope word op 'n bruto



basis in die betalingsbalans aangeteken en verteenwoordig nie 'n werklike styging in buitelandse reserwes nie omdat hulle deur kontra-inskrywings teenoor ander poste van die kapitaalrekening geneutraliseer word.)

## Buitelandse skuld

As gevolg van die voortgesette netto terugbetalings op Suid-Afrika se buitelandse verpligte, het die *totale uitstaande skuld* van die land verder van VSA\$18,1 miljard aan die einde van 1991 tot \$17,3 miljard aan die einde van 1992 gedaal. Gewaardeer teen die wisselkoers van die VSA-dollar op 31 Augustus 1985, het Suid-Afrika se buitelandse skuld van \$23,7 miljard aan die begin van die skuldstilstandooreenkomste tot \$15,8 miljard aan die einde van 1992 verminder. Buitelandse skuld het in verhouding tot die bruto binnelandse produk aan die einde van 1992 net meer as 15 persent beloop; hierdie verhouding was aan die einde van 1985 bykans 43 persent.

Die sogenaamde *geaffekteerde buitelandse skuld* het ook verder afgeneem van \$6 miljard aan die einde van 1991 tot \$5,5 miljard aan die einde van 1992. Gewaardeer teen die wisselkoers van 31 Augustus 1985, is die *geaffekteerde skuld* van die begin van die stilstandooreenkomste tot aan die einde van 1992 met \$8,5 miljard verminder. Nie minder nie as \$3,5 miljard is

## Totale buitelandse skuld



terugbetaal op geaffekteerde skuld ingevolge die tussentydse skuldooreenkomste wat met buitelandse krediteurbanke gesluit is. Die res van die vermindering in geaffekteerde skuld is meegebring deur omskakelings van skuld na langertermynlenings buite die net en deur skuld wat vir eienaarsbelang geruil is.

Suid-Afrika se nie-geaffekteerde skuld het ook van \$12,1 miljard aan die einde van 1991 tot \$11,8 miljard aan die einde van 1992 gedaal. Gewaardeer teen die heersende wisselkoerse op 31 Augustus 1985, het die nie-geaffekteerde skuld egter van \$10,1 miljard aan die einde van Augustus 1985 tot \$10,7 miljard aan die einde van 1992 toegeneem.

#### Buitelandse reserwes

Die groot netto uitvloeiing van kapitaal nie verwant aan reserwes nie en die klein oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans het tot gevolg gehad dat Suid-Afrika se totale *netto goud- en ander buitelandse reserwes* in die eerste kwartaal van 1993 met R3,3 miljard gedaal het – effens meer as die afname van R3,1 miljard wat in die vierde kwartaal van 1992 aangegetekn is. Indien 'n toename van R1,1 miljard in Suid-Afrika se laste verwant aan reserwes en positiewe waardasie-aansuiwerings van R0,5 miljard in berekening gebring word, het die totale *bruto goud- en ander buitelandse reserwes* in die eerste kwartaal van 1993 met R1,7 miljard gedaal.

Ondanks 'n toename van R2,4 miljard in laste verwant aan reserwes, het Suid-Afrika se totale bruto goud- en


ander buitelandse reserwes van 'n vlak van R13,2 miljard aan die einde van Augustus 1992 tot R9,5 miljard aan die einde van Maart 1993, of van 1,9 tot 1,5 maande se invoer van goedere en dienste gedaal. In die twee maande, April en Mei 1993, het die bruto en die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank egter met onderskeidelik R422 miljoen en R657 miljoen toegeneem. Die Reserwebank se goudbesit het gedaal van 6,7 miljoen fyn onse aan die einde van Augustus 1992 tot 6,6 miljoen fyn onse aan die einde van 1992 en tot 5,2 miljoen fyn onse aan die einde van Mei 1993.

#### Wisselkoerse

Vanweë die swakker algehele betalingsbalansposisie en die sterk vertoning van die VSA-dollar op internasionale valutamarkte tot die middel van Februarie 1993, het die *nominale effektiewe wisselkoers* van die rand gedurende die eerste kwartaal van 1993 met 3,8 persent en tot aan die einde van Mei 1993 met 'n verdere 2,2 persent gedaal. Hoewel die rand gedurende hierdie periode matig teenoor die meeste van die belangrikste geldeenheide gedepresieer het, is aansienlike afnames van 6,2 en 17,2 persent teenoor onderskeidelik die Britse pond en Japanse jen aangeteken. Die reële *effektiewe wisselkoers* van die rand het gedurende die eerste kwartaal van 1993 met 2,8 persent afgeneem.

Soos in die verlede, was die ontwikkelings in die wisselkoers van die *finansiële rand* weer baie sensitief vir die politieke situasie in Suid-Afrika. Nadat die wisselkoers van die finansiële rand vanweë toenemende buitelandse belangstelling in Suid-Afrikaanse goudmynaandele in die eerste kwartaal van 1993 met 7 persent geappresieer het, het dit as gevolg van die sluipmoord op mnr Chris Hani en die daaropvolgende gebeure weer van 10 tot 19 April 1993 met 8 persent gedepresieer. Dit het

#### Bruto goud- en ander buitelandse reserwes



#### Veranderings in die wisselkoerse van die rand %

	31 Des '91 tot 31 Des '92	31 Des '92 tot 31 Mrt '93	31 Mrt '93 tot 31 Mei '93	31 Mei '93 tot 31 Des '93
Geweegde gemiddelde .....	-4,3	-3,8	-2,2	-6,0
VSA-dollar .....	-10,2	-3,9	0,2	-3,7
Britse pond .....	10,9	-2,6	-3,7	-6,2
Duitse mark .....	-4,4	-3,4	-1,2	-4,6
Japanse jen .....	-10,8	-10,0	-8,0	-17,2
Nederlandse gulden .....	-4,7	-3,3	-1,5	-4,7
Italiaanse lire .....	15,2	5,3	-8,6	-3,8
Finansiële rand .....	-34,7	7,0	-1,3	5,7

daarná in April herstel voordat dit, per saldo, in Mei gedepresieer het. Die finansiële rand het in die eerste vyf maande van 1993 met 5,7 persent teenoor die VSA-dollar geappresieer en die diskonto op die finansiële rand het van 37,2 persent aan die einde van Desember 1992 tot 31,0 persent op 31 Mei 1993 vernou.

## Finansiële markte

### Veranderinge in die finansiële struktuur

Belangrike veranderinge in wetgewing en die regulasies is in die begin van 1993 aan die werking van die finansiële sektor gemaak. Hierdie veranderinge sluit onder andere die volgende in:

- die herbenaming van depositonemende instellings as banke;
- die oordrag van die bepalings wat verband hou met die banke se minimum reserwesaldo by die Reserwebank van die Bankwet na die Wet op die Suid-Afrikaanse Reserwebank;
- die instelling van 'n nuwe basis vir die berekening van die minimum reserwesaldo en likwiedebatevereistes;
- die afskaffing van bankaksepte se status as likwiedebates;
- 'n hersiening van die stelsel van akkommodasie wat deur die Reserwebank voorsien word; en
- wesenlike vordering met die implementering van 'n stelsel van Belasting- en Leningsrekenings.

Die Wysigingswet op Depositonemende Instellings, nr. 9 van 1993, wat op 10 Maart 1993 in die Staatskoerant aangekondig is, het die term "depositonemende instellings" (die kollektiewe term vir die voormalige banke, diskontohuise en ekwiteitbouverenigings) na banke verander. Gevolglik is die Wet op Depositonemende Instellings, nr. 94 van 1990, eweneens tot die Bankwet hernoem. Die Wysigingswet het ook die voorsiening vir die minimum reserwesaldo wat banke by die Reserwebank moet hou, herroep; maar terselfdertyd is die Wet op die Suid-Afrikaanse Reserwebank, nr. 90 van 1989, gewysig om die bepalings vir die banke se minimum reserwesaldo by die Reserwebank in te sluit. Die minimum reserwevereistes van die banke is na die Reserwebankwet oorgeplaas omdat hierdie instrument as 'n monetêre beleidsmaatreël beskou word. Toekomstige veranderinge in hierdie vereistes behoort gevvolglik duideliker as veranderinge in die monetêre beleidingsgesteldheid vertolk te word.

Die berekening van die minimum reserwesaldo en likwiedebatevereistes is verander na 'n vaste verhouding van die waarde van *totale* verpligtinge van banke vanaf die verslagdatum met betrekking tot Maart 1993 (dit is die vyftiende besigheidsdag na die einde van die maand). Hierdie vereistes was voorheen op die korttermynverpligtinge van die banke gebaseer. Ten einde sekere banke te help waarvan die korttermynverpligtinge kleiner as die langertermynverpligtinge is, is besluit dat die verandering in die berekening van die minimum reserwesaldovereiste (uitgesonderd die bykomstige reserwevereiste van een persent waarop rente verdien word) oor vyftien maande ingefaseer sal word. Die basiese vereiste is van 4 persent van korttermynverpligtinge in Februarie 1993 tot 3 persent van korttermynverpligtinge in Maart 1993 verlaag, gevvolg deur die

infasering met 0,1 persentasiepunt per maand tot 1,5 persent van totale verpligtinge in Julie 1994. Die onmiddellike uitwerking van die infasering van hierdie vereistes was 'n vermindering in die minimum reserwesaldo's van banke by die Reserwebank met ongeveer R1,0 miljard op 26 April 1993 (dit wil sê die vyftiende besigheidsdag in April 1993). Dit het vanselfsprekend 'n uitbreidende invloed op geldmarklikwiditeit gehad (hoewel in 'n kleiner mate as die afname in die minimum reserwesaldovereiste aangesien sommige banke se kluiskontant hul vereiste minimum reserwesaldo oorskry het), en het ook tot 'n wesenlike afname in die sogenaamde monetêre basis (M0) in April bygedra.


Die likwiedebatevereiste van 20 persent van die korttermynverpligtinge van banke is met ingang van die vyftiende besigheidsdag in April 1993 na 5 persent van die totale verpligtinge verander, met geen infasingstydperk nie. Ingevolge die Wysigingswetsontwerp op Depositonemende Instellings val bankaksepte nie meer binne die bestek van die definisie van likwiede bates nie, en die Reserwebank het aangekondig dat bankaksepte vanaf 1 Mei 1993 nie meer by die diskontovenster herverdiskonter sal word nie.

Hierbenewens het die Reserwebank met ingang van 1 Mei 1993 'n vereenvoudigde stelsel van akkommodasie van kontanttekorte in die geldmark ingestel. Die vorige stelsel van die herverdiskontering van sekere goedgekeurde bates is met 'n stelsel van oornaglenings teen die onderpand van staatseffekte, skatkiswissels, Reserwebankwissels en Landbankwissels met 'n uitstaande looptyd van minder as 92 dae vervang. 'n Tweede kategorie van hierdie effekte met 'n looptyd van 92 dae of langer, maar korter as drie jaar, kwalifiseer as onderpand vir oornaglenings teen 'n koers van een persentasiepunt bokant Bankkoers. Akkommodasie teen die onderpand van ander instrumente, soos bankgeëndosseerde wissels en langtermynstaatseffekte, sal in uitsonderlike gevalle teen slegs 'n diskresionêre of onderhandelde koers en vir 'n beperkte tydperk beskikbaar gestel word. In die lig van die uitsluiting van bankaksepte as aanvaarbare onderpand vir oornaglenings, het die Reserwebank die geldmark in die begin van Mei doelbewus verruum om die banke te help om by die nuwe stelsel aan te pas. Die oorskakeling vanaf 'n stelsel van herverdiskontering na 'n stelsel van oornaglenings om geldmarktekorte te akkommodeer het eweneens die effektiewe minimum koste van akkommodasie op 1 Mei 1993 met 0,5 persent per jaar verminder, hoewel die amptelike Bankkoers onveranderd gebly het.

### Geldvoorraad

Die groei in die vernaamste monetêre totale het in die eerste kwartaal van 1993 verder verlangsaam. Die koers van toename in die geldvoorraad, wat ruim binne die geldvoorraadriglyne vir 1992 gebly het, het in die begin van 1993 tot selfs laer as die nuwe laer geldvoorraad-


### Riglyne vir groei in M3



riglyne vir 1993 gedaal. Die verdere afname in die groei in die monetêre totale kan hoofsaaklik aan die traie binnelandse ekonomiese toestande, die betreklik beperkende monetêre beleidsingesteldheid en die verswakkning van die betalingsbalanspositie van die land toegeskryf word. 'n Mate van disintermediasie wat deur die betreklike groot gapings tussen banke se deposito- en uitleenkoerse veroorsaak is, en die konsolidasie van sekere kliënte se deposito's en lenings ingevolge buigsame verbandfasiliteite kon ook die groei in die geldvoorraad onderdruk het.

Nadat die koers van toename in die omvattende gedefinieerde geldvoorraad (M3) oor tydperke van twaalf maande teruggesak het van 12,7 persent in Desember 1991 tot 8,0 persent in Desember 1992, het dit selfs verder tot 5,3 persent in Januarie 1993 en tot 5,2 persent in Februarie 1993 gedaal en daarna het dit effens gestyg tot 5,7 persent in Maart 1993. Voorlopige ramings duif daarop dat die groeikoers van M3 oor 'n tydperk van twaalf maande daarna verder tot die laevlak van 3,4 persent in April 1993 afgeneem het. Hierdie koerse van toename was laer as die onderste perk van die geldvoorraadriglyne vir die groei in M3 in 1993 wat op 8 Februarie 1993 op 'n vlak van 6 persent tot 9 persent vanaf die vierde kwartaal van 1992 tot die vierde kwartaal van 1993 vasgestel is. Hierdie riglyne stem ooreen met die Reserwebank se doelstelling om die inflasiekoers verder te verlaag, terwyl dit terselfdertyd 'n styging in die

## Geldvoorraad



reële bruto binnelandse produk ondersteun.

Die koers van toename in die *enger monetêre totale*, met die uitsondering van M1A, het ook gedurende die eerste kwartaal van 1993 bly daal. Die koers van toename in M1 en M2 oor tydperke van twaalf maande het vanaf hoogtepunte van 23,2 en 12,8 persent in September 1992 tot 17,5 en 10,9 persent in Desember 1992 en verder tot 10,4 en 5,1 persent in Maart 1993 gedaal. In teenstelling met hierdie ontwikkelings, het die ooreenstemmende groeikoers in M1A oor 'n tydperk van twaalf maande, wat van 23,6 persent in September 1992 tot 16,2 persent in Desember 1992 gedaal het, weer tot 19,4 persent in Maart 1993 gestyg. Hierdie stygging in die groei in M1A was 'n voortsetting van die verskuiwing na kortertermyndeposito's by die banksektor wat reeds in die tweede helfte van 1992 opgemerk is. In die besonder het tjeke- en transmissiedeposo'to's by banke (veral dié van openbare ondernemings, openbare korporasies en nie-

geïnkorporeerde sakeondernemings) en munte en note in omloop buite die monetêre sektor in die eerste kwartaal van 1993 aansienlik gestyg.

Die belangrikste teenhangers (in 'n statistiese of rekenkundige sin) van die betreklike klein toename van R1,7 miljard in M3 van die einde van Desember 1992 tot die einde van Maart 1993, was toenames van R2,4 miljard in die monetêre instellings se eise teen die private sektor en R3,7 miljard in "netto ander bates". Hierdie stygtings is in 'n groot mate deur dalings van R3,3 miljard in die netto goud- en ander buitelandse reserwes en in die monetêre instellings se netto eise teen die regeringsektor van R1,1 miljard teengetrek.

## Kredietverlening deur monetêre instellings

Die groei in totale binnelandse kredietverlening deur die monetêre sektor oor 'n tydperk van twaalf maande, wat van 12,6 persent in Desember 1991 tot 8,0 persent in Oktober 1992 afgeneem het, het in Maart 1993 ietwat tot 10,3 persent versnel. Hierdie matige stygging in die koers van kredietverlening na vlakte wat effens hoër is as die inflasiekoers kan gedeeltelik toegeskryf word aan die toename in die netto eise van die monetêre instellings teen die regeringsektor en die feit dat sekere banke in die proses van aktiewe kredietrisikobestuur minder tegemoetkomend in die voorsiening van verdere krediet aan sommige kliënte begin raak het in 'n omgewing van stygende slechte skulde, toenemende bankrotskappe en die sluiting van 'n groot hoeveelheid sakeondernemings. 'n Laer vraag na krediet wat verband gehou het met die resessionele toestande, laer inflasie en die betreklik hoë koste van leenbedrywigheede was egter die oorheersende oorsaak vir die stadiger groei in binnelandse kredietverlening.

Die koers van toename oor twaalf maande in kredietverlening aan die binnelandse private sektor, wat

## Kredietverlening deur monetêre instellings



van 14,5 persent in Desember 1991 tot 7,0 persent in November 1992 afgeneem het, het weer in Maart 1993 tot 8,8 persent versnel. Hierdie stygende neiging in kredietverlening hou verband met 'n toename in die aankoop van nuwe motorvoertuie as gevolg van die bekendstelling van 'n aantal nuwe modelle en vooruit-aankope in afwagting van 'n styging in die koers van belasting op toegevoegde waarde. Die koerse van toename in huurkoopkrediet en verbandvoorskotte het derhalwe effens gestyg, terwyl die groeikoerse oor tydperke van twaalf maande van kredietverlening in die vorm van "ander" lenings en voorskotte (insluitende oortrokke rekeninge) regdeur die eerste kwartaal van 1993 negatief was.


### Geldmarktoestande en Reserwebankoptrede in die geldmark

Toestande in die geldmark, wat in die laaste twee maande van 1992 effens verruim het, het in die eerste vier maande van 1993 aansienlik vernou. In Mei 1993 het hierdie toestande egter aansienlik verruim. Die gemiddelde daagliksé vlak van akkommodasie by die diskontovenster het van R3,2 miljard in Desember 1992 tot R3,9 miljard in Maart 1993 en verder tot R5,6 miljard in April toegeneem; daarnaá het dit in Mei skerp tot R3,3 miljard afgeneem. Die stram toestande in die geldmark wat gedurende die eerste vier maande van 1993 geheers het, is ook weerspieël in die bedrag aan akkommodasie soos op maandeindes, wat van R3,8 miljard aan die einde van Desember 1992 tot R3,9 miljard aan die einde van Maart 1993 en tot R5,4 miljard aan die einde van

April toegeneem het. Op 15 April 1993 het die daagliksé vlak van akkommodasie 'n hoogtepunt van R6,8 miljard bereik, waarna dit weer tot R3,4 miljard aan die einde van Mei afgeneem het.

Hoewel die bedrag aan akkommodasie van die einde van Desember 1992 tot aan die einde van Maart 1993 met slegs R0,1 miljard toegeneem het, het die faktore wat geldmarktoestande beïnvloed gedurende hierdie tydperk aansienlike wisselings getoon. Die netto goud- en ander buitelandse reserwes en die finansiering van die Landbank deur die Reserwebank en die Korporasie vir Openbare Deposito's het naamlik aansienlik afgeneem (wat die mark vernou het), terwyl note in omloop en regeringsdeposito's by die Reserwebank ook skerp gedaal het (wat die mark verruim het). Terselfdertyd is al die uitstaande Reserwebankwissels afgelos. Die aansienlike strammer geldmarktoestande gedurende April was die gevolg van 'n beduidende toename in regeringsdeposito's by die Reserwebank wat verband hou met die finansiering van die Skatkistekort in die nuwe fiskale jaar en die voorsiening wat getref is vir die aflossing van 'n groot bedrag staatseffekte wat in Mei verval. In dieselfde maand het note in omloop afgeneem en het die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank en die finansiering van die Landbank toegeneem. Die ruimer geldmarktoestande in Mei is deur 'n skerp afname in regeringsdeposito's by die Reserwebank en 'n afname in note in omloop veroorsaak.

### Akkommodasie by die diskontovenster




Die Reserwebank se optrede in die geldmark gedurende die eerste vier maande van 1993 het hoofsaaklik uit die neutralisering van korttermynfluktusies deur middel van aanpassings in die bateportefeuille van die Korporasie vir Openbare Deposito's en die verkoop van skatkiswissels en staatseffekte vir Skatkisbefondsing bestaan. Die bedrag aan skatkiswissels wat op die weeklikse tender toegeken word, is uiteindelik van R250 miljoen aan die einde van Desember 1992 tot R400 miljoen op 30 April 1993 verhoog. Bruto verkoop van staatseffekte deur die Reserwebank het in die eerste vier maande van 1993 R52,3 miljard beloop, teenoor R17,5 miljard in die ooreenstemmende tydperk in 1992 en R112 miljard in 1992 in geheel. Gedeeltelik vanweë hierdie rol van die Reserwebank as "markmaker" in staatseffekte, het die opbrengskoers op langtermyn-staatseffekte in die loop van 1992 tot 'n vlak laer as die ooreenstemmende opbrengskoers op Eskom-effekte gedaal. Netto verkoop van staatseffekte deur die Reserwebank het in die eerste vier maande van 1993 R4,3 miljard beloop; in die ooreenstemmende tydperk in 1992 was hierdie verkoope effens hoër teen R5,1 miljard. As gevolg van die nuwe stelsel van akkommodasie vanaf die begin van Mei, het die Reserwebank in die eerste helfte van Mei die geldmarktoestande doelbewus deur middel van terugkoopooreenkomste verruim ten einde die omskakeling na die nuwe stelsel te vergemaklik.

### Geldmarkrentekoerse

Die dalende neiging in geldmarkrentekoerse regdeur 1992 het gedurende die eerste twee maande van 1993

### Korttermynrentekoerse



voortgeduur, maar rentekoerse het daarna in Maart en April 1993 effens verstewig. Dit word duidelik deur die koers op *likwiede bankaksepte van drie maande* weerspieël wat van 16,40 persent in Desember 1991 tot 12,40 persent in Desember 1992 en verder tot 12,15 persent aan die einde van Januarie 1993 gedaal het. Na die verlaging in Bankkoers op 9 Februarie het hierdie koers aan die einde van daardie maand verder tot 11,60 persent afgeneem. Hierdie geldmarkrentekoers het gedurende Maart 1993 in onbruik geraak met die aankondiging dat die status van bankaksepte as likwiede bates van 1 Mei 1993 sou verval.

Die algemene beweging in die meeste geldmarkrentekoerse word ook deur verandering in die koers op *nie-likwiede bankaksepte van drie maande* weerspieël wat van 12,65 persent aan die einde van Desember 1992 tot 11,80 persent aan die einde van Februarie 1993 gedaal het en daarna weer tot 12,30 persent aan die einde van April gestyg het. In die lig van die ruimer geldmarktoestande gedurende Mei 1993, het die koers op bankaksepte van drie maande op 31 Mei 1993 weer tot 12,10 persent gedaal.

Die meeste ander geldmarkrentekoerse het ook gedurende Januarie en Februarie 1993 gedaal en daarna gedurende die volgende twee maande ietwat gestyg. *Die tenderkoers op skatkiswissels van ses maande* het byvoorbeeld van 11,50 persent aan die einde van Desember 1992 tot 11,03 persent aan die einde van Februarie 1993 gedaal en daarna aan die einde van April tot 11,30 persent gestyg. In teenstelling met hierdie ontwikkelings, het die koers op skatkiswissels van drie maande 'n voortgesette daling van 12,09 persent tot 11,32 en 11,02 persent gedurende dieselfde tydperk getoon. Hierdie koers het daarna aan die einde van Mei tot 11,90 persent gestyg omdat die nuwe akkommodatieprocedure meer doeltreffend as die vorige een was.

Die primakoers op oortrekings by bankinstellings het die verlaging in Bankkoers op 9 Februarie gevolg en is met een persentasiepunt tot 16,25 persent verlaag op datums wat tussen 15 Februarie en 2 Maart by die verskillende bankinstellings van krag geword het. Die bankinstellings se primakoers op oortrekings, aangepas vir inflasie, het van 3,5 persent in Desember 1991 tot 7,0 persent in Desember 1992 toegeneem; dit het daarna weer in Maart 1993 tot 6,0 persent afgeneem as gevolg van die daling in die nominale primakoers op oortrekings en 'n styging in die inflasiekoers. Vanweë die hoër inflasiekoers wat in April aangeteken is as gevolg van 'n verhoging in indirekte belastings, het die primakoers op oortrekings aangepas vir inflasie, tot 4,7 persent afgeneem.

### Kapitaalmarkbedrywigheid

Toestande op die sekondêre kapitaalmark, wat deur 'n effense afname in handelsbedrywigheid in die vierde kwartaal van 1992 gekenmerk is, het in die eerste kwartaal van 1993 merkbaar verbeter. Aandelepryse het skerp herstel en groot toenames in die waarde van

Die Reserwebank se optrede in die geldmark gedurende die eerste vier maande van 1993 het hoofsaaklik uit die neutralisering van korttermynfluktusies deur middel van aanpassings in die bateportefeuille van die Korporasie vir Openbare Deposito's en die verkoop van skatkiswissels en staatseffekte vir Skatkisbefondsing bestaan. Die bedrag aan skatkiswissels wat op die weeklikse tender toegeken word, is uiteindelik van R250 miljoen aan die einde van Desember 1992 tot R400 miljoen op 30 April 1993 verhoog. Bruto verkoop van staatseffekte deur die Reserwebank het in die eerste vier maande van 1993 R52,3 miljard beloop, teenoor R17,5 miljard in die ooreenstemmende tydperk in 1992 en R112 miljard in 1992 in geheel. Gedeeltelik vanweë hierdie rol van die Reserwebank as "markmaker" in staatseffekte, het die opbrengskoers op langtermyn-staatseffekte in die loop van 1992 tot 'n vlak laer as die ooreenstemmende opbrengskoers op Eskom-effekte gedaal. Netto verkoop van staatseffekte deur die Reserwebank het in die eerste vier maande van 1993 R4,3 miljard beloop; in die ooreenstemmende tydperk in 1992 was hierdie verkoope effens hoër teen R5,1 miljard. As gevolg van die nuwe stelsel van akkommodasie vanaf die begin van Mei, het die Reserwebank in die eerste helfte van Mei die geldmarktoestande doelbewus deur middel van terugkoopooreenkomste verruim ten einde die omskakeling na die nuwe stelsel te vergemaklik.

#### Geldmarkrentekoerse

Die dalende neiging in geldmarkrentekoerse regdeur 1992 het gedurende die eerste twee maande van 1993

voortgeduur, maar rentekoerse het daarna in Maart en April 1993 effens verstewig. Dit word duidelik deur die koers op *likwiede bankaksepte van drie maande* weerspieël wat van 16,40 persent in Desember 1991 tot 12,40 persent in Desember 1992 en verder tot 12,15 persent aan die einde van Januarie 1993 gedaal het. Na die verlaging in Bankkoers op 9 Februarie het hierdie koers aan die einde van daardie maand verder tot 11,60 persent afgeneem. Hierdie geldmarkrentekoers het gedurende Maart 1993 in onbruik geraak met die aankondiging dat die status van bankaksepte as likwiede bates van 1 Mei 1993 sou verval.

Die algemene beweging in die meeste geldmarkrentekoerse word ook deur veranderings in die koers op *nie-likwiede bankaksepte van drie maande* weerspieël wat van 12,65 persent aan die einde van Desember 1992 tot 11,80 persent aan die einde van Februarie 1993 gedaal het en daarna weer tot 12,30 persent aan die einde van April gestyg het. In die lig van die ruimer geldmarktoestande gedurende Mei 1993, het die koers op bankaksepte van drie maande op 31 Mei 1993 weer tot 12,10 persent gedaal.


Die meeste ander geldmarkrentekoerse het ook gedurende Januarie en Februarie 1993 gedaal en daarna gedurende die volgende twee maande ietwat gestyg. *Die tenderkoers op skatkiswissels van ses maande* het byvoorbeeld van 11,50 persent aan die einde van Desember 1992 tot 11,03 persent aan die einde van Februarie 1993 gedaal en daná aan die einde van April tot 11,30 persent gestyg. In teenstelling met hierdie ontwikkelings, het die koers op skatkiswissels van drie maande 'n voortgesette daling van 12,09 persent tot 11,32 en 11,02 persent gedurende dieselfde tydperk getoon. Hierdie koers het daná aan die einde van Mei tot 11,90 persent gestyg omdat die nuwe akkommodasieprocedure meer doeltreffend as die vorige een was.

Die primakoers op oortrekings by bankinstellings het die verlaging in Bankkoers op 9 Februarie gevolg en is met een persentasiepunt tot 16,25 persent verlaag op datums wat tussen 15 Februarie en 2 Maart by die verskillende bankinstellings van krag geword het. Die bankinstellings se primakoers op oortrekings, aangepas vir inflasie, het van 3,5 persent in Desember 1991 tot 7,0 persent in Desember 1992 toegeneem; dit het daná weer in Maart 1993 tot 6,0 persent afgeneem as gevolg van die daling in die nominale primakoers op oortrekings en 'n styging in die inflasiekoers. Vanweë die hoër inflasiekoers wat in April aangeteken is as gevolg van 'n verhoging in indirekte belastings, het die primakoers op oortrekings aangepas vir inflasie, tot 4,7 persent afgeneem.


#### Kapitaalmarkbedrywigheid

Toestande op die sekondêre kapitaalmark, wat deur 'n effense afname in handelsbedrywigheid in die vierde kwartaal van 1992 gekenmerk is, het in die eerste kwartaal van 1993 merkbaar verbeter. Aandelepryse het skerp herstel en groot toenames in die waarde van

#### Korttermynrentekoerse



## Effektebeurstransaksies




transaksies in aandele, effekte en afgeleide instrumente is aangeteken.

Die waarde van *effekte van die openbare sektor* wat op die Johannesburgse Effektebeurs verhandel is, wat van R218,3 miljard in die derde kwartaal van 1992 tot R131,1 miljard in die vierde kwartaal afgeneem het, het in die eerste kwartaal van 1993 weer tot R168,3 miljard toegeneem. Hierdie goeie omset is sterk beïnvloed deur 'n afname in langtermynrentekoerse wat verband gehou het met 'n lae vraag na fondse voortspruitend uit traie ekonomiese groei en laer inflasieverwagtinge. In April 1993 het die waarde van transaksies in effekte van die openbare sektor ietwat afgeneem vanaf 'n gemiddelde maandelikse vlak van R56,1 miljard in die eerste kwartaal van 1993 tot R50,8 miljard, hoofsaaklik as gevolg van 'n kleiner aantal handelsdae in hierdie maand.

Nadat die waarde van *aandele* wat op die Johannesburgse Effektebeurs verhandel is van R6,2 miljard in die derde kwartaal van 1992 tot R5,4 miljard in die vierde kwartaal afgeneem het, het dit in die eerste kwartaal van 1993 tot R8,0 miljard toegeneem. Hierdie hoër omset is meegebring deur toenames in die pryse en die hoeveelhede van aandele wat verhandel is. Die afname in korttermynrentekoerse, verhoogde netto aankope van aandele deur nie-inwoners en die hoër randprys van goud het aansienlike steun aan die aandelemark verleen. Die waarde van aandele wat verhandel is, het in April effens teruggesak maar in Mei het die omset van aandele skerp toegeneem toe hernieuwe vrese vir hoër inflasie in die Verenigde State en ander ontwikkelings in die markte 'n sterk internasionale

## Effektebeurstransaksies




vraag na goud en 'n skerp toename in die goudprys aan die gang gesit het.

Die maandelikse gemiddelde prysvlak van alle klasse van aandele het in die vyf maande van Desember 1992 tot April 1993 met 19,3 persent gestyg, ná 'n afname van 16,5 persent in die voorafgaande vyf maande. Die herstel in aandelepryse is aanvanklik hoofsaaklik deur toenames in die pryse van nywerheids-, handels- en finansiële aandele geleei. Sedert Februarie 1993 het aandelepryse van goudmynmaatskappye ook skerp begin styg, met die gevolg dat die maandelikse gemiddelde prysvlak van goudmynaandele in April 1993 74,8 persent hoër as in November 1992 was. Die gemiddelde prysvlak van alle klasse van aandele was in April 1993 egter steeds 0,4 persent laer as die hoogtepunt wat in Junie 1992 bereik is.

*Nie-inwoners* was in die eerste vier maande van 1993 netto aankopers van effekte ten bedrae van R0,3 miljard van die openbare sektor nadat hulle in die laaste vier maande van 1992 netto verkopers van 'n soortgelyke bedrag was. Aankope van effekte van die openbare sektor deur nie-inwoners het met die verstewiging van langtermynkoerse en die verswakking van die finansiële rand in Maart en April 1993 toegeneem. Die skerp herstel in aandelepryse, die swakker finansiële rand en die toenemende belangstelling van nie-inwoners in goudmynaandele, het aanleiding gegee tot 'n skerp toename in nie-inwoners se netto aankope van aandele van R0,6 miljard in die laaste vier maande van 1992 tot R1,8 miljard in die eerste vier maande van 1993.

In die *prim  re kapitaalmark* het die bedrag aan fondse wat leners in die *openbare sektor* deur middel van die uitreiking van nuwe uitgiftes van vaste-rentedraende effekte opgeneem het, in die eerste kwartaal van 1993 skerp toegeneem in teenstelling met die normale seisoenale patroon gedurende die loop van 'n fiskale jaar. Die waarde van hierdie uitgiftes het in die eerste kwartaal

## Aandelepryse



van 1993 R7,5 miljard bedra, vergeleke met R0,5 miljard in die ooreenstemmende kwartaal van 1992 en R0,3 miljard in die vierde kwartaal van 1992.

Die waarde van fondse wat maatskappye in die *private sektor* deur middel van uitgifte van vaste-rentedraende effekte, met inbegrip van omskepbare voorkeuraandele, skuldbriewe en korporatiewe obligasies opgeneem het, het van R1,0 miljard in die vierde kwartaal van 1992 tot R0,1 miljard in die eerste kwartaal van 1993 afgeneem. Die traie ekonomiese toestande was ook nie bevorderlik vir nuwe *uitgifte van aandele* nie, maar hierdie uitgifte het tog in die eerste kwartaal van 1993 ietwat toegeneem namate toestande in die aandelemark verbeter en aandelepryse herstel het. Die waarde van netto nuwe uitgifte van gewone aandele deur genoteerde maatskappye het in die eerste drie maande


van 1993 R1,9 miljard bedra; in die laaste kwartaal van 1992 het die waarde van hierdie uitgifte tot R1,7 miljard gestyg.

In die verbandmark het leidende bankinstellings voortgegaan om hierdie tipe lenings aan te moedig deur spesiale toegewings aan kliënte te bied ten opsigte van die koste verbonde aan verbandkansellasie, verband-registrasie en die waardering van vaste eiendom. Die bedrag aan verbandvoorskotte uitbetaal deur bankinstellings het desnieteenstaande in die eerste kwartaal van 1993 R8,6 miljard beloop, wat effens minder is as die R9,1 miljard in die vierde kwartaal van 1992.

Die seisoensaangesuiwerde waarde van *transaksies in vaste eiendom* het van R5,8 miljard in die vierde kwartaal van 1992 tot R6,3 miljard in die eerste kwartaal van 1993 toegeneem. Ondanks hierdie toename was die vlak van transaksies in vaste eiendom steeds 10 persent laer as in die eerste kwartaal van 1992. Die lae vlak van transaksies in vaste eiendom was te wyte aan die betreklik lae opbrengs op beleggings in hierdie mark, die afname in reële persoonlike beskikbare inkome in die huidige resessie en die algemene onsekerheid oor politieke ontwikkelings in Suid-Afrika. Die aantal transaksies in vaste eiendom het gevoldig van die eerste kwartaal van 1992 tot die eerste kwartaal van 1993 met 17 persent afgeneem, terwyl die gemiddelde prys van sulke transaksies oor dieselfde periode met 9,4 persent toegeneem het.

Onsekerheid oor toekomstige bewegings in aandelepryse was hoofsaaklik verantwoordelik vir die

## Transaksies in vaste eiendom



aansienlike toename in die totale waarde van termynkontrakte van R13,7 miljard in die vierde kwartaal van 1992 tot R21,8 miljard in die eerste kwartaal van 1993. Kontrakte in aandele-indekse het derhalwe ook in die eerste kwartaal van 1993 98,3 persent van die totale waarde van termynkontrakte verteenwoordig. In Maart 1993 is 'n rekord maandelikse hoogtepunt van R9,6 miljard in transaksies in termynkontrakte aangeteken, voordat dit in April na R5,3 miljard teruggesak het.

Die waarde van transaksies in opsies op indekstermynkontrakte het vanaf 'n maandelikse gemiddelde van R45 miljoen in die laaste twee maande van 1992 tot R103 miljoen in die eerste kwartaal van 1993 toegeneem. Hoewel die handel in opsies op termynkontrakte eers op 16 Oktober 1992 'n aanvang geneem het, het die ope belang van 44 268 kontrakte in opsies op indekstermynkontrakte die ope belang in alle termynkontrakte op 15 Maart 1993 verbygesteek.

Ten spyte van volgehoudende pogings om verhandelbare opsies op aandele aan te moedig, het die bedrywighede op die Johannesburgse Effektebeurs se Verhandelbare Opsiemark baie laag gebly. Slegs 145 kontrakte met 'n onderliggende waarde van R0,9 miljoen is in Januarie 1993 verhandel, gevolg deur 10 kontrakte met 'n waarde van R70 000 gedurende Februarie. In Maart en April 1993 is geen opsies in hierdie mark verhandel nie. In die effektemark is ook minder opsies in die eerste kwartaal van 1993 as in die vorige kwartaal verhandel.


#### Opbrengs- en rentekoerse op die kapitaalmark

Die gemiddelde maandelikse opbrengskoers op *langtermynstaatseffekte*, wat van 13,9 persent in Oktober 1992 tot 14,9 persent in Desember 1992 gestyg het, het aanvanklik in 1993 tot 14,4 persent in Februarie 1993 gedaal. Die groter-as-verwagte leningsbehoefte van die staat, hoér inflasieverwagtings wat uit die Begrotingsvoorstelle voortgespruit het, en politieke ontwikkelings het daarna veroorsaak dat hierdie opbrengskoers in April 1993 tot 15,0 persent toegeneem het. Ondanks hierdie toename, het die hoér inflasiekoers die gemiddelde reële opbrengskoers op staatseffekte van 4,82 persent in Desember 1992 tot 3,62 persent in April 1993 laat daal.

Ná die verlaging van Bankkoers op 9 Februarie 1993, is die oorheersende koers op verbandlenings op 1 Maart 1993 met 0,75 persentasiepunte tot 16,00 persent verlaag. Die banke het terselfdertyd hul koerse op langertermyndeposito's verlaag. Die *rentekoers op deposito's van twaalf maande* is byvoorbeeld in Februarie 1993 met een persentasiepunt tot 11,0 persent verlaag. Sommige bankinstellings het hierdie koers toe weer in April tot 12,0 persent verhoog; ander het gedurende middel-Mei hul voorbeeld gevolg. Die koers op deposito's van twaalf maande het in April 1993 'n negatiewe reële opbrengs voor belasting van 0,01 persent aan deposante gelewer.

Die hoér gemiddelde vlak van aandelepryse het die gemiddelde *dividendopbrengskoers* op alle klasse

#### Kapitaalmarkrente- en opbrengskoerse



aandele verder afgedruk van 3,67 persent in die vierde kwartaal van 1992 tot 3,27 persent in die eerste kwartaal van 1993 en tot 3,05 persent gedurende April 1993. Die gemiddelde *verdienste-opbrengskoers* op alle klasse aandele (uitgesonderd goudmynaandele) het ook gedaal, naamlik van 8,13 persent in die vierde kwartaal van 1992 tot 7,19 persent in die eerste kwartaal van 1993 en tot 6,87 persent in April 1993.

Die maksimum toelaatbare koerse op *finansieringskoste*, soos dit deur die Woekerwet vasgestel word, is met ingang van 12 Maart 1993 verminder van 26 persent tot 25 persent in die geval van geldlenings, krediet- en bruikhuurtransaksies vir bedrae van meer as R6 000 (maar nie meer as R500 000 nie), en van 29 persent tot 28 persent in die geval van bedrae tot en met R6 000.

## Openbare finansies

### Leningsbehoefte van die openbare sektor

Die *leningsbehoefte van die openbare sektor* (dit wil sê die tekort voor lenings en skuldaflossing van die gekonsolideerde Sentrale Regering, provinsiale administrasies, plaaslike owerhede en nie-finansiële openbare ondernemings), wat van R10,2 miljard in die September-kwartaal van 1992 tot R4,7 miljard in die Desember-kwartaal afgeneem het, het in die laaste kwartaal van die fiskale jaar 1992/93 weer skerp toegeneem tot R10,7 miljard. Dit het die leningsbehoefte van die openbare sektor vir die fiskale jaar 1992/93 in geheel op R32,2 miljard te staan gebring – 'n rekord hoogtepunt. In verhouding tot die bruto binnelandse produk, het die leningsbehoefte van die openbare sektor in die fiskale jaar 1992/93 9,7 persent bedra, vergeleke met die reeds hoë vlakke van 5,5 persent in die fiskale jaar 1991/92 en 5,4 persent in die fiskale jaar 1990/91.

Hierdie verswakking in die finansies van die openbare sektor was die netto resultaat van uiteenlopende bewegings in die finansies van die *verskillende vlakke van owerheid*. Die provinsiale administrasies en die buitebegrottingsinstellings (insluitende die TBVC-lande en die selfregerende gebiede) het saam oorskotte van R0,6 miljard in die fiskale jaar 1992/93 aangeteken, terwyl die tekorte voor lenings van die plaaslike owerhede en die nie-finansiële openbare ondernemings R1,4 miljard bedra het. Die aansienlike toename in die leningsbehoefte van die openbare sektor gedurende die fiskale jaar 1992/93,


veral in die laaste kwartaal van die fiskale jaar, is egter hoofsaaklik deur die agteruitgang in die finansies van die Hoofbegroting teweeggebring.

### Skatkisrekening in die finale kwartaal van die fiskale jaar 1992/93

Nadat die koers van toename van jaar tot jaar in skatkisuitreikings in die eerste nege maande van die fiskale jaar 1992/93 min of meer in verhouding tot die Begrottingsraming toegeneem het, het dit in die laaste kwartaal met nie minder nie as 31,6 persent gestyg. Hierteenoor het skatkisontvangste steeds swakker gevaaar as wat verwag is en in die laaste kwartaal van die fiskale jaar het dit met slegs 5,9 persent toegeneem vergeleke met die ooreenstemmende kwartaal in die voorafgaande jaar. Die skatkistekort voor lenings en skuldaflossing het in die Maart-kwartaal van die fiskale jaar 1992/93 dus R9,1 miljard bedra, of die baie hoë verhouding van 10,7 persent van die bruto binnelandse produk. Hierdie tekort is deur middel van die volgende instrumente gefinansier:


	R miljoene
Staatseffekte (diskonto ingesluit).....	10 818
Skatkiswissels .....	-3 632
Buitelandse lenings.....	-33
Nie-bemarkbare sekuriteite.....	-30
Afname in beschikbare kontantsaldo's.....	2 023
<b>Totale finansiering .....</b>	<b>9 146</b>
<i>Plus: Oordragte vanaf die Landsvoorrade-verkrygingsfonds en die Sentrale Energiefonds.....</i>	<i>1 036</i>
<i>Opbrengs uit privatisering.....</i>	<i>108</i>
<i>Min: Diskonto op nuwe uitreikings van staats-effekte.....</i>	<i>1 221</i>
<b>Totale netto finansiering .....</b>	<b>9 069</b>

### Leningsbehoefte van die openbare sektor as persentasie van bruto binnelandse produk




**Uitslag van die Begroting vir die fiskale jaar 1992/93**  
Die werklike uitslag van die staatsfinansies vir die fiskale jaar 1992/93 was heelwat meer uitbreidend as wat oorspronklik in die Begroting voorsien is. *Skatkisuitreikings* aan staatsdepartemente het in die fiskale jaar 1992/93 R105,1 miljard bedra, wat 4,4 persent hoër was as die oorspronklike Begrottingsraming. Die koers van toename in staatsuitgawes vir die fiskale jaar 1992/93 het 21,6 persent beloop, teenoor 16,1 persent in die voorafgaande jaar en 'n gemiddelde jaarkoers van 16,4 persent in die voorafgaande vyf fiskale jare. Dit verteenwoordig 'n toename van ongeveer 11 persent in reële staatsuitgawes indien hierdie uitgawes met die verbruikersprysindeks gedefleer word. Aangesien die toename in staatsuitgawes aansienlik hoër was as die toename in binnelandse produksie, het die verhouding van staatsuitgawes tot die bruto binnelandse produk van 28,1 persent in die fiskale jaar 1991/92 tot 31,5 persent in die fiskale jaar 1992/93 toegeneem. Die skerp toename in staatsuitgawes was egter hoofsaaklik aan die voorsiening van droogtehulp aan

### Skatkisuitreikings en staatsinkomste



### Totale inkomste as persentasie van bruto binnelandse produk



die boere toe te skryf. Indien die droogteverwante uitgawes van R3,4 miljard nie in berekening gebring word nie, het die koers van toename in skatkisuitreikings aan staatsdepartemente in die fiskale jaar 1992/93 17,7 persent bedra, wat slegs effens hoër was as die oorspronklike Begrotingsraming en die gemiddelde koers van toename oor die voorafgaande vyf jaar.

Totale staatsinkomste (op 'n basis vergelykbaar met die Begroting) het in die fiskale jaar 1992/93 R75,7 miljard beloop, of slegs 4,7 persent meer as die inkomste wat in die fiskale jaar 1991/92 ingevorder is. Die Begroting vir 1992/93 het voorsiening gemaak vir inkomste van R84,7 miljard, of 'n toename van 15,7 persent op die voorafgaande jaar se inkomste, wat beteken dat die inkomste R9,1 miljard of 10,7 persent laer was as die oorspronklike Begrotingsramings. Verskeie faktore het waarskynlik tot hierdie swak vertoning van inkomste bygedra, insluitende die lang en ernstige afwaartse beweging in ekonomiese bedrywighede, 'n koers op die belasting op toegevoegde waarde, wat laer was as wat oorspronklik beplan is, die vrystelling van sekere voedselsoorte van die belasting op toegevoegde waarde, die droogte in die land en die voortdurende resessie in die ekonomiese van die meeste van Suid-Afrika se belangrikste handelsvennote.

As gevolg van hierdie faktore het die staatsinkomste in verhouding tot die bruto binnelandse produk voortgegaan om vanaf 'n hoogtepunt van 25,6 persent in die fiskale jaar 1989/90 tot 22,7 persent in die fiskale jaar 1992/93 te daal. Die dalende neiging in hierdie verhouding het boonop saamgeval met 'n skerp afname in die aandeel

van staatsinkomste wat deur indirekte belastings ingevorder is. Indirekte belastings as 'n persentasie van die totale staatsinkomste het byvoorbeeld vanaf 'n hoogtepunt van 42,1 persent in die fiskale jaar 1988/89 tot 36,9 persent in die fiskale jaar 1992/93 gedaal. Dit is heeltemal teenstrydig met die verklaarde doelwit van die regering om die aandeel van indirekte belasting tot totale belastingontvangste te verhoog.

Die opbrengs uit die belasting op toegevoegde waarde het wesenslik minder as die Begrotingsramings opgelewer. Soos in die bygaande tabel aangetoon word,

### Staatsinkomste, 1992/93

Persentasieverandering

	Begrote toename	Werklike toename
Brandstofheffing .....	27,6	30,9
Ander doeane- en aksyns .....	29,5	21,9
Totale doeane- en aksyns .....	28,4	21,7
Inkomstebelasting op maatskappye .....	5,4	5,3
Persoonlike inkomstebelasting .....	22,5	7,3
Belasting op toegevoegde waarde .....	12,1	-7,7
Totale binnelandse inkomste ...	14,3	2,3
<b>Totale inkomste .....</b>	<b>15,7</b>	<b>4,7</b>

was die opbrengs van die belasting op toegevoegde waarde 7,7 persent minder as die inkomste vanaf algemene verkoopbelasting en die belasting op toegevoegde waarde in die voorafgaande jaar, terwyl die Begroting voorsiening gemaak het vir 'n toename van 12,1 persent. Met die uitsondering van die inkomste uit die brandstofheffing, het alle ander belangrike inkomstebonne minder gunstig presteer as wat in die Begroting voorsien was. In die besonder het totale binnelandse inkomste in die fiskale jaar 1992/93 met slegs 2,3 persent toegeneem vanweë laer-as-verwagte ontvangste uit inkomstebelasting vanaf individue sowel as maatskappye. Ontvangste uit persoonlike inkomstebelasting het nietemin in verhouding tot totale staatsinkomste van 29,4 persent in die fiskale jaar 1988/89 tot 40,0 persent in die fiskale jaar 1992/93 gestyg.

Die hoër-as-verwagte uitgawes en die aansienlik laer-as-verwagte inkomste vir die fiskale jaar 1992/93 het tot 'n tekort voor lenings en skuldaflossing van R29,4 miljard gelei, of 8,8 persent van die bruto binnelandse produk. Hierdie verhouding is bykans tweemaal soveel as die oorspronklik begrote 4,5 persent en die tekort is hoofsaaklik gefinansier deur uitgifte van nuwe staatseffekte (R32,3 miljard) en 'n afname in die beskikbare kontantsaldo van die Staat (R6,2 miljard). Die fondse is vanaf die volgende bronne verkry:


	R miljoene
Openbare Beleggingskommissarisse .....	13 996
Nie-monetêre private sektor .....	17 597
Monetêre instellings .....	1 101
Korporasie vir Openbare Deposito's.....	-2 496
Ander monetêre instellings .....	3 598
Buitelandse sektor .....	808
Totale bruto finansiering.....	33 502
<i>Min: Diskonto op nuwe uitreikings van staatseffekte .....</i>	<i>4 081</i>
<b>Totale netto finansiering .....</b>	<b>29 421</b>

As gevolg van die aansienlike tekort voor lenings, het die *staatskuld* in die fiskale jaar 1992/93 met 22,2 persent tot R154,7 miljard aan die einde van Maart 1993 gestyg. In verhouding tot die bruto binnelandse produk het die staatskuld van 41,2 persent aan die einde van die fiskale jaar 1991/92 tot 46,4 persent aan die einde van die fiskale jaar 1992/93 toegeneem. In die tagtigerjare is 'n verhouding van gemiddeld van 34,1 persent gehandhaaf. Die jongste merkbare stygende neiging in die staatskuld, tesame met 'n gepaardgaande toename in rentebetalings, duï daarop dat die huidige stand van staatsfinansies nie oor die lang termyn handhaafbaar is nie en dat 'n beter balans tussen belastingontvangste en besteding nodig is om finansiële bestendigheid te bevorder.

#### Die Begroting vir 1993/94


In sy voorlegging van die Begroting vir die fiskale jaar 1993/94 aan die Parlement op 17 Maart 1993 het die

#### Tekort voor lenings as persentasie van bruto binnelandse produk




Minister van Finansies verklaar dat hy *two belangrike beginsels* in die voorbereiding van die Begroting in aanmerking geneem het, naamlik die noodsaaklikheid van discipline en die behoefté aan groei. Die Minister het

#### Begrote en werklike skatkisuitreikings aan staatsdepartemente



## Begrote en werklike inkomste



ook verklaar dat "volhoubare groei wat die moeite werd is, kan slegs vanaf 'n deeglik gedissiplineerde basis plaasvind". Die Begroting het dus die behoefte om die ekonomie te herstruktureer in ag geneem, maar terselfdertyd was daar ook die opvatting dat die volgende aangeleenthede onmiddellik aandag moet geniet:

- die vermindering van die begrotingstekort van die Staat;
- die afskaling van owerheidsverbruiksbesteding;
- die ontwikkeling van 'n hoëvoorkeur-infrastruktuur deur die Staat op geskikte terreine;
- die bevordering van indiensneming deur die skepping van 'n gunstige beleggingsklimaat en die aanmoediging van groter arbeidsintensiteit; en
- die toewysing van fondse aan hoëvoorkeur-gebiede wat met bekostigbare sosio-ekonomiese ontwikkeling gemoeid is.

Om hierdie doelwitte te bereik, is die groei in staatsuitgawes tot slegs 8,8 persent beperk en is begroot dat die uitgawes in die fiskale jaar 1993/94 R114,2 miljard sal beloop. Skatkisuitrekings aan staatsdepartemente as 'n persentasie van die bruto binnelandse produk behoort dus van 31,5 persent in die fiskale jaar 1992/93 tot 30,7 persent in die fiskale jaar 1993/94 af te neem. Aansienlike klem is ook geplaas op die beperking van die groei in die Staat se lopende uitgawes tot slegs 6,5 persent. Hierdie betreklik lae groei in die lopende uitgawes is begroot ten spyte van 'n toename van 26,4 persent in die rentebetalings op staatskuld. Dit beteken dat ongeveer 17,4 persent van die totale staatsuitgawes

vir die fiskale jaar 1993/94 opsy gesit moes word om die staatskuld te diens, wat duidelik aantoon tot watter mate opgelope Begrotingstekorte 'n beperking op die hertoewysing van hulpbronne kan plaas. Die lae groei in lopende staatsuitgawes sal slegs bereik kan word indien salaris- en loonstygtings in die staatsdiens tot 5 persent beperk word, as daar bykans geen groei in die uitgawes op ander goedere en dienste is nie en as die lopende oordragte van die sentrale regering met 7,5 persent daal.

In teenstelling met die lae voorgenome groei in die lopende staatsbesteding, is in die Begroting vir 'n styging van 27,6 persent in die totale nominale *kapitaaluitgawes* voorsiening gemaak, uitgesonderd kapitaaloordragte en lenings aan ander algemene owerheidsinstellings en fondse. Die grootste deel van die voorgenome kapitaaluitgawes sal aan onderwys, gesondheidsorg en die polisie bestee word, en 43,6 persent van die kapitaalbesteding sal vir sosiale dienste wees.

'n *Funksionele klassifikasie* van staatsuitgawes duï ook daarop dat die Staat voortgegaan het om uitgawes op sosiale dienste te bevorder en dat beplan word om die totale uitgawes op hierdie dienste in die fiskale jaar 1993/94 met 17,7 persent uit te brei. Die deel van totale uitgawes wat aan sosiale dienste toegesê is, sal dus van 41,3 persent in 1990/91 na 'n beplande 44,0 persent in 1993/94 styg. Daar word geraam dat die aandeel van veiligheidsdienste in totale uitgawes (veral uitgawes op verdediging) oor dieselfde tydperk van 21,8 persent na 17,9 persent sal daal.

Daar is begroot dat totale *gewone ontvangste* in die fiskale jaar 1993/94 met 17,3 persent na R88,2 miljard sal styg. Dit behoort 'n styging in die totale staatsinkomste in verhouding tot die bruto binnelandse produk van 22,7 persent in 1992/93 tot 23,7 persent in 1993/94 tot gevolg te hê – met ander woorde, 'n omkering van die dalende neiging wat hierbo beskryf is. Om dit te bewerkstellig, is die inkomstekant van die Begroting deur die volgende gekenmerk:

- Geen aanpassings is gemaak aan die inkomstebelasting van toepassing op individue nie. Nogtans word verwag dat inkomstebelastingontvangste uit hierdie bron met 15,5 persent na R37,6 miljard sal styg, grootliks as gevolg van fiskale blokkruiping.
- Die koers op maatskappybelasting is verlaag van 48 na 40 persent op belasbare inkomste, terwyl 'n addisionele belasting van 15 persent op uitgekeerde winste ingestel is. Inkomste uit maatskappybelasting sal na verwagting met 1,0 persent tot R12,0 miljard styg.
- Die koers waarteen belasting op toegevoegde waarde gehef word, is op 7 April 1993 van 10 na 14 persent verhoog, maar die nulkoers wat op bepaalde goedere van toepassing was, is uitgebrei om 'n groter aantal voedselsoorte te dek. Die inkomste uit die belasting op toegevoegde waarde sal dienoorseenkomstig in die fiskale jaar 1993/94 met 43,1 persent tot R24,9 miljard toeneem.
- Die heffing op petrol en diesel is vanaf 2 April 1993 met 6 sent per liter verhoog. Daar is verder voorgestel

dat 1 sent per liter van die brandstofheffing op sowel petrol as diesel aan streeksdiensterade oorgedra word as 'n nuwe bron van inkomste. Die inkomste uit die brandstofheffing behoort in die fiskale jaar 1993/94 met 12,1 persent tot R7,6 miljard te styg.

- Die vrystellingsperke vir hereregte is met 20 persent tot R60 000 vir woonhuise en woonstelle verhoog en tot R24 000 in die geval van onverbeterde grond. Die koerse waarteen hereregte betaal word, is ook verhoog.
- Seëlregte op "gewone" ooreenkomste en kontrakte is afgeskaf.
- Die aksynsregte op bepaalde produkte is verhoog, wat tot 'n verwagte toename van 11,1 persent tot R4,9 miljoen in totale aksynsregte vir die fiskale jaar 1993/94 sal lei.

Ondanks hierdie wesenlike verhoging in owerheidsinkomste word die *tekort voor lenings en skuldaflossing* vir 1993/94 op R25,9 miljard geraam. Nadat leningsaflossings van R6,8 miljard in berekening gebring is, kan die totale leningsbehoefte van die regering R32,7 miljard bedra. Die tekort, uitgesonderd skuldaflossings, sal na verwagting soos volg gefinansier word:

	<b>R miljoene</b>
Staatseffekte (diskonto uitgesluit).....	24 897
Obligasies.....	50
Buitelandse lenings.....	-110
Skatkiswissels.....	-500
<b>Totaal.....</b>	<b>25 337</b>
<i>Plus:</i> Oordragte van die Landsvoorraad-verkrygingsfonds en die Sentrale Energiefonds.....	685
Verandering in kontantsaldo's (toename -, afname +) .....	-78
<b>Totale finansiering .....</b>	<b>25 944</b>

#### **Skatkisrekening in April 1993**

Skatkisuitreikings (na die gebruiklike aansuiwing vir veranderinge in die saldo op die Betaalmeester-generaalrekening) het in April 1993 met 11,0 persent gestyg teenoor dieselfde maand die voorafgaande jaar, of teen 'n hoër koers as wat begroot is. In teenstelling met die vooruitgeskatte skerp toename in staatsinkomste, was die skatkisontvangste in April 1993 1,3 persent laer as in April 1992. As gevolg van hierdie laer-as-begrote inkomste en hoër-as-begrote uitgawes, het die skatkistekort voor lenings en skuldaflossing in April 1993 R4,2 miljard bedra, of aansienlik meer as die gemiddelde maandelikse tekort van R2,3 miljard in die fiskale jaar 1992/93. Dit was ook aansienlik meer as die tekort voor lenings en skuldaflossing van R3,2 miljard in April 1992.

# Notas oor die basis vir belasting op toegevoegde waarde in Suid-Afrika

deur M. Kleu, J.W. Prinsloo en L.P. Venter<sup>1</sup>

## Inleiding

Die Kommissie van Ondersoek na die Belastingstruktuur van Suid-Afrika, algemeen bekend as die Margo-kommissie, het in hulle finale verslag van 1987 aanbeveel dat 'n omvattende besigheidsbelasting (OBB) ingestel moet word om die inkomste uit die destydse algemene verkoopbelasting (AVB) aan te vul. Die Margo-aanbevelings het, onder andere, bestaan uit die verlaging van die koers van die algemene verkoopbelasting tot 'n betreklik lae vlak en die heffing van die omvattende besigheidsbelasting (teen 'n hoër koers as AVB) om te vergoed vir die inkomsteverlies as gevolg van die verlaging van die koers op algemene verkoopbelasting. Die voorgestelde omvattende besigheidsbelasting was hoofsaaklik 'n belasting op toegevoegde waarde wat op sakeondernemings gehef sou word deur hul finansiële state vir die berekening van die toegevoegde waarde aan te wend.<sup>2</sup>

Die Margo-kommissie het ook as 'n alternatiewe stelsel van indirekte belasting voorgestel dat die algemene verkoopbelasting in sy geheel deur 'n transaksie-tipe belasting op toegevoegde waarde vervang word. In hierdie alternatief is voorgestel dat die transaksiewaardes op fakture as grondslag moet dien vir die bepaling van die belastingbedrag betaalbaar, en dat belasting wat reeds op insetkoste betaal is aan die produsente terugbetaal word. In die owerheid se reaksie op die verslag van die Margo-kommissie is aangedui dat hierdie alternatiewe belastingvoorstel verkies word en daar is besluit om die algemene verkoopbelasting in sy geheel deur 'n faktuurgebaseerde belasting op toegevoegde waarde te vervang.

In die voorlegging van sy Begroting aan die Parlement vir die fiskale jaar 1991/92 het die Minister van Finansies die instelling van die belasting op toegevoegde waarde vanaf 30 September 1991 teen 'n koers van 12 persent aangekondig met die bedoeling om die algemene verkoopbelasting, wat toe teen 'n koers van 13 persent gehef was, te vervang. Die voorgestelde instelling van die belasting op toegevoegde waarde is sterk deur sekere verbruikersorganisasies en vakbonde teen gestaan, hoofsaaklik omdat sommige basiese voedselsoorte wat van die algemene verkoopbelasting vrygestel was by die

belasting op toegevoegde waarde ingesluit was. Om die uitwerking van die belasting op toegevoegde waarde op die lewenskoste van die behoeftiges te verlig, het die Minister op 21 Augustus 1991 'n verlaging vanaf 12 tot 10 persent in die koers aangekondig, saam met ander fiskale maatreëls om die verlies aan belastinginkomste te verhaal. Die belasting op toegevoegde waarde is verder aangepas toe die Minister op 29 September 1991 aangekondig het dat 'n aantal basiese voedselsoorte tot 31 Maart 1992 teen die nulkoers belas sou word.<sup>3</sup> Hierdie vergunning is later onbepaald verleng.

Die werklike invorderings van die belasting op toegevoegde waarde het in die laaste vyf maande van die fiskale jaar 1991/92 sowat R8,0 miljard bedra, wat die bedrag oorskry het wat ten tye van die begroting deur die fiskale owerhede voorsien is. In sy belastingvoorstelle vir die fiskale jaar 1992/93 het die Minister van Finansies verwag dat die invorderings van die belasting op toegevoegde waarde vir die fiskale jaar 1992/93 ongeveer R21,0 miljard sou beloop. Uiteindelik het die invordering van die belasting op toegevoegde waarde sowat R3,9 miljard, of 18,6 persent, minder as die begrote bedrag bedra.

Hierdie groot oorskattung van die invorderings op die belasting op toegevoegde waarde was deels te wyte aan die verdieping van die resessie gedurende 1992, terwyl die begrotatingsramings op die aannname van 'n matige herstel gebaseer was. Ook van belang is die feit dat die terugbetalings aan sake-ondernemings, wat plaasvind wanneer die belasting op toegevoegde waarde op die insette die belasting op toegevoegde waarde op die eindprodukte oorskry, toegeneem het van 'n gemiddelde maandelikse waarde van R433 miljoen in die laaste vyf maande van 1991/92 tot ongeveer R667 miljoen sedert April 1992. Dit laat onvermydelik die vraag ontstaan of die geraamde basis van die belasting op toegevoegde waarde (BTW-basis) betroubaar was. 'n Ontleding van die werklike belastingbasis vir die fiskale jaar 1992/93 kan nuttig wees om die oorsake vir die oorskattung van die verwagte invorderings van die belasting op toegevoegde waarde vas te stel. In hierdie notas word ramings van die BTW-basis en die invorderingskoers van die belasting op toegevoegde waarde verskaf.

## Raming van die BTW-basis

In die benadering wat gevolg is om die BTW-basis te raam, word hierdie soort belasting beskou as 'n belasting

<sup>1</sup> Die skrywers is dank verskuldig aan Bernie de Jager vir waardevolle kommentaar en voorstelle. Die menings wat in hierdie notas uitgespreek word is egter dié van die skrywers en dit weerspieël nie noodwendig ook die menings van enigiemand anders of van die Suid-Afrikaanse Reserwebank nie.

<sup>2</sup> Toegevoegde waarde as die grondslag vir die omvattende besigheidsbelasting is gedefinieer as die vergoeding van werknemers + netto rentebetאלings + betalings vir tantième + netto huurbetalings + netto wins + waardevermindering - bruto investering.

<sup>3</sup> Wanneer goedere en dienste teen die nulkoers belas word, word geen belasting op toegevoegde waarde gehef op die verkoop aan die eindgebruiker van die goedere en dienste nie en alle betalings van die belasting op toegevoegde waarde ten opsigte van insette word terugbetaal.

op binnelandse besteding eerder as 'n belasting op toegevoegde waarde soos wat hierdie begrip in die nasionale rekeninge vertolk word. Die basis is gevvolglik afgelei van ramings van makro-ekonomiese groothede soos hulle aan die uitgawekant van die standaard nasionale rekeninge verskyn, en nie aan die produksiekant nie waar toegevoegde waarde bereken word as die som van die vergoeding van werknemers en die bedryfsurplusse.

Die bestedingsgroothede in die nasionale rekeninge word bereken teen heersende markpryse, wat beteken dat die netto betalings op indirekte belasting (indirekte belastings verminder met subsidies) by die berekenings ingesluit is. Vir die berekening van die BTW-basis met die uitsluiting van die bedrae wat betaal is ten opsigte van die belasting op toegevoegde waarde, is dit nodig om die bestedingsgroothede soos hulle in die nasionale inkomeen- en uitgawerekeninge in die fiskale jaar 1992/93 voorkom, met 'n faktor van 0,909 (=100/110) aan te pas. Hierdie verhouding hang vanselfsprekend af van die koers van die belasting op toegevoegde waarde wat in die betrokke jaar van toepassing was.

Die betrokke komponente van die besteding op die bruto binnelandse produk wat by die berekening van die BTW-basis in aanmerking geneem word, is private verbruiksbesteding, verbruiksbesteding deur die algemene owerheid en bruto binnelandse vaste investering. Veranderings in voorrade en die uitvoer en die invoer van goedere en dienste word dus nie in berekening gebring nie.

Die veranderings in voorrade is van die berekeninge van die BTW-basis uitgesluit aangesien belasting op toegevoegde waarde wat op die aankoopwaardes van handels- en nywerheidsvoorraad betaalbaar is aan belastingpligtiges terugbetaal word. Die belasting op toegevoegde waarde wat op die aankoop van voorrade betaal word, word dus aan produsente terugbetaal en hierdie terugbetaalings word normaalweg kort na die oorspronklike belastingbetaalings gedoen. Om die BTW-basis te raam, is dit as raadsaam beskou om die aandag slegs op die waarde van finale verkope toe te spits.

Die *uitvoer* van goedere en dienste word ook nie in berekening gebring nie aangesien die Suid-Afrikaanse stelsel van die belasting op toegevoegde waarde die beginsel aanvaar van die "land van bestemming". Ingevolge die bepalings van hierdie beginsel, word belasting op toegevoegde waarde op die invoer gehef en die binnelandse belasting op die waarde van die uitvoer weer terugbetaal. Alhoewel dit dus wil voorkom asof die waarde van die invoer deel van die belastingbasis moet uitmaak, is die belasting op toegevoegde waarde ten opsigte van die invoer wat dien as intermediêre goedere (net soos in die geval van voorrade) terugbetaalbaar. Indien die waarde van die invoer van goedere en dienste dus in die belastingbasis in berekening gebring word, sal dit 'n dubbeltelling van die ingevoerde komponent van die finale binnelandse transaksies meebring. Slegs daardie gedeelte van die invoer wat bestem is vir finale huishoudelike verbruiksbesteding, behoort deel van die

BTW-basis uit te maak.

Die grootste gedeelte van die invordering van die belasting op toegevoegde waarde in Suid-Afrika, net soos in ander lande waar hierdie soort belasting gehef word, word verkry uit die heffing van hierdie belasting op die verbruiksbesteding van private huishoudings. Die ramings van die private verbruiksbesteding maak dus 'n baie belangrike deel van die BTW-basis uit. Ingevolge die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, nr. 89 van 1991, is die besteding op sekere goedere en dienste vrygestel<sup>4</sup> van die belasting op toegevoegde waarde en besteding aan hierdie goedere en dienste behoort dus dienooreenkomsdig van die geraamde BTW-basis uitgesluit te word. Die belangrikste goedere en dienste in hierdie kategorie in die fiskale jaar 1992/93 was petrol en brandstof en verskeie vrygestelde dienste soos huur, opvoedkundige dienste, vervoerdienste vir pendelaars, finansiële dienste (met die uitsluiting van korttermynversekering), lone en huisbediendes, dienste gelewer in die buitenland en uitgawes aangegaan deur nie-winssoekende organisasies. Voedselsoorte wat teen die nulkoers belas word, word ook nie in die basis ingesluit nie. Afgesien van hierdie items, bevat die ramings in die nasionale rekeninge van private verbruiksbesteding 'n aantal toegerekende uitgaweposte wat nie uit kontanttransaksies bestaan nie, en daarom moet dit nie by die BTW-basis ingesluit word nie. Hierdie toerekenings verteenwoordig meestal huurwaardes van huise wat deur eienaars bewoon word en die voedselproduksie vir eie gebruik op kommersiële plase en in die bestaanslandbousektor.

Die verbruiksbesteding van die algemene owerheid, soos bereken vir die doeleindes van die nasionale inkomeen- en uitgawerekeninge, weerspieël die heersende koste van die dienste wat die algemene owerheid lewer en sluit die vergoeding van werknemers en die besteding aan goedere en ander dienste van 'n nie-kapitale aard in. In werklikheid word die belasting op toegevoegde waarde egter nie op die vergoeding van werknemers gehef nie. Gevolglik word slegs die gedeelte van die algemene owerheid se verbruiksbesteding wat bestaan uit die aankope van goedere en dienste, uitgesonder arbeidsverwante dienste, vir die raming van die BTW-basis in berekening gebring. Die toegerekende waardevermindering op die vaste bates van die algemene owerheid ('n betreklik klein bedrag) word ook buite rekening gelaat.

Wat vaste investering betref, bepaal die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde dat die belasting op toegevoegde waarde wat betaal word op die aankope van kapitaalgoedere van die belastingpligtigheid van sakeondernemings afgetrek mag word. Slegs drie soorte kapitaaluitgawes word by die BTW-basis ingesluit,

4 Die vrystelling van goedere en dienste van die belasting op toegevoegde waarde beteken dat hierdie belasting nie op verkoop aan die eindgebruiker van die goedere en dienste gehef word nie, en dat die belasting op toegevoegde waarde ten opsigte van insette ook nie terugbetaal word nie.

## **BTW-basis vir die fiskale jaar 1992/93**

R miljoene

Private verbruiksbesteding.....	210,1
min Goedere en dienste uitgesluit en teen nulkoers belas.....	28,9
min Toegerekende besteding.....	16,7
Verbruiksbesteding deur die algemene owerheid op goedere en dienste uitgesondert arbeidsdienste.....	24,0
Binnelandse vaste investering.....	17,1
Belasbare insette van vrygestelde besteding .....	5,9
<b>Totaal .....</b>	<b>212,5</b>
BTW-basis* .....	192,3

\* Die totaal is aangepas met 'n faktor wat voorsiening maak vir die bedrag van die belasting op toegevoegde waarde wat by die totale van die nasionale rekeninge ingesluit is.

naamlik besteding op die aankope van materiaal vir die konstruksie van private woongeboue, die oprigting van nie-woongeboue en konstruksiewerke wat deur die algemene owerheid onderneem word vir die lewering van gemeenskaps-, maatskaplike en persoonlike dienste, en die aankoop van nuwe motorvoertuie deur produsente, wat nie van uitsetbelasting ingevolge artikel 17(2) van die Wet afgetrek kan word nie. Oordragkoste is 'n komponent van bruto binnelandse vaste investering en is deel van die BTW-basis, maar boedelbelasting, wat 'n deel van die oordragkoste uitmaak, word uitgesluit.

Die geraamde BTW-basis vir die fiskale jaar 1992/93, soos in die tabel getoon, is verder aangepas om voorsiening te maak vir die nie-terugbetaalbare belasting wat op insette betaal is ten opsigte van uitgawe wat van die belasting op toegevoegde waarde vrygestel word.

### **Invorderingskoers van belasting op toegevoegde waarde**

Indien die koers van die belasting op toegevoegde waarde van 10 persent vermenigvuldig word met die geraamde belastingbasis vir die fiskale jaar 1992/93, word 'n potensiële bedrag van R19,2 miljard verkry wat die owerheid kon verwag het om in daardie jaar as die belasting op toegevoegde waarde in te vorder. As gevolg van die tydsloerings tussen die invordering van die belasting deur verskaffers en die oorbetaling daarvan aan die owerheid is dit onwaarskynlik dat die werklike inkomste uit die belasting op toegevoegde waarde ooit ten volle met die geraamde potensiële inkomste uit die belasting op toegevoegde waarde sal ooreenstem. Ondoeltreffende belastingadministrasie, verskaffers wat nie registreer nie, daadwerklike pogings om belasting op toegevoegde waarde te ontduiik en openlike bedrog, is van die redes waarom die werklike belastingontvangste nie noodwendig met die geraamde potensiële

belastingontvangste sal ooreenstem nie. Sommige van die oneerlike metodes van belastingontduiking bestaan uit oordrewe eise vir terugbetalings, onaangetekende kontantaankope, terugbetalings wat geëis word ten opsigte van fakture wat deur ongeregistreerde verskaffers uitgereik word, terugbetalings geëis vir aankope wat nie van verkope aftrekbaar is nie, onvolledige verslagdoening van verkope, belasting wat ontvang is maar nie aan die owerheid oorbetaal word nie en vervalste uitvoereise.

Die verhouding van die invordering van die belasting op toegevoegde waarde tot die moontlike inkomste wat ingevolge wetgewing in gevorder kan word, gee 'n aanduiding van die doeltreffendheid van die belastingadministrasie. Daar word gewoonlik na hierdie verhouding verwys as die invorderings- of nakomingskoers. Die werklike invordering van die belasting op toegevoegde waarde in Suid-Afrika het in 1992/93 R17,1 miljard bedra, wat 'n invorderingskoers van 90,6 persent aandui. Hierdie invorderingskoers vergelyk gunstig met die koers in ander lande, waar ramings vir die verlies aan totale moontlike inkomste wissel tussen 2 en 4 persent in die Verenigde Koninkryk, tot 40 persent in Italië.<sup>5</sup> Segslui van gesaghebbende internasionale organisasies is van mening dat 'n invorderingskoers van 90,6 persent 'n aanduiding is van 'n deeglike en gesonde belastingadministrasie.

Die invorderingskoers van enige land hang ook af van die hoeveelheid koerse en die aantal vrystellings van die belasting op toegevoegde waarde waarvoor die stelsel voorsiening maak. Wanneer die belasting op toegevoegde waarde teen 'n enkele koers en met min vrystellings (eerder as teen verskeie koerse en met baie vrystellings) ingestel word, kan 'n betreklik hoër invorderingskoers redelikerwys verwag word. In die geval van Suid-Afrika het die beperkte aantal items wat vrygestel is of teen die nulkoers belas word en die enkele koers wat van toepassing is, 'n invloed op die betreklik hoë berekende invorderingskoers.

Die hoë invorderingskoers kan ook vertolk word as 'n bewys van die akkuraatheid waarmee die makro-ekonomiese bestedingstotale geraam word. Ramings van hierdie bestedingstotale van Suid-Afrika word gebaseer op onafhanklike statistiek wat nie met enige gegewens van die invorderings van die belasting op toegevoegde waarde verband hou nie. 'n Groot mate van ooreenstemming tussen die moontlike belastingontvangste wat uit die ramings van die totale besteding afgelei word, en die werklike belastinginvorderings dui dus daarop dat die bestedingstotale met 'n redelike hoë mate van betroubaarheid geraam word.

### **Opsomming**

Die vergelyking tussen die werklike invordering van die belasting op toegevoegde waarde in die fiskale jaar

<sup>5</sup> Sien Tait, A.A. Value-Added Tax – International Practice and Problems, International Monetary Fund, Washington, D.C. (1988), p. 304.

1992/93 met 'n onafhanklik geraamde moontlike invordering van die belasting op toegevoegde waarde, dui op 'n hoë mate van ooreenstemming tussen die twee groothede. Hieruit word dus blykbaar bevestig dat die aanvanklike oorskattung van die verwagte inkomste uit die belasting op toegevoegde waarde in die Begroting van die fiskale jaar 1992/93 die gevolg van voorspellingsfout was, eerder as van die foutiewe bepaling van die BTW-basis. Die afgeleide hoë invorderingskoers van die belasting op toegevoegde waarde is 'n aanduiding van 'n doeltreffende belastinginvorderingstelstel, maar ook van 'n redelike hoë mate van akkuraatheid wat met die raming van die bestedingstotale in die nasionale inkome- en uitgawerekening bereik is.

# Opmerkings oor individue se deposito's en lenings by banke

deur J.P. van den Heever<sup>1</sup>

## Inleiding


By die ontleding van die ekonomie word baie aandag aan ontwikkelings in die geldvoorraad en in monetêre instellings se kredietverlening aan die binnelandse private sektor geskenk. Die geldvoorraad bestaan hoofsaaklik uit deposito's van die binnelandse private sektor by banke, insluitend deposito's van individue en ander partye soos maatskappye, beslote korporasies en nie-geïnkorporeerde sakeondernemings. Net so sluit kredietverlening aan die binnelandse private sektor die monetêre instellings se eise teen individue sowel as teen ander partye in die private sektor in.

Hoewel hierdie finansiële groothede normaalweg redelik breedvoerig in die ekonomiese oorsigte van die Reserwebank bespreek word, het die ontleding van deposito's en kredietverlening volgens tipe deposant of lener tot dusver weinig aandag geniet. Met die inwerkingstelling van die Bankwet, Wet nr. 94 van 1990, was daar 'n wysiging in die balansstaatgegewens wat die banke moet indien, wat dit onder meer moontlik maak om die totale bedrag van *individue* se deposito's en lenings by banke te bepaal. Ten einde 'n meer volledige beeld te verkry, waarin die verspreiding van individue se posisies na vore gebring word, het die Reserwebank ook onlangs *deursnee*-inligting oor individue se deposant/lener-verhoudings met hulle banke saamgestel. Hierdie inligting is op 'n eenmalige grondslag deur twee van die belangrikste banke verskaf. Hierdie opmerkings het ten doel om 'n bondige oorsig van sowel die globale as die meer gedetailleerde besonderhede van die balansstaatposisie van individue teenoor die banke<sup>2</sup> te gee.

## Saamgevoegde inligting oor individue se deposant/lener-verhouding met banke

Die inligting op die banke se balansstate toon dat individue as 'n groep in die middel van 1992 opmerklik minder geld op deposito by die banke gehad het as wat hulle by die banke geleent het. Soos in grafiek 1 getoon word, het sodanige deposito's in totaal R86,2 miljard beloop, teenoor totale lenings ten bedrae van


Grafiek 1. Individue se deposito's en lenings by banke, 30 Junie 1992



<sup>1</sup> Drr E.J. van der Merwe en S.J. van der Walt word vir hulle waardevolle kommentaar en aanbevelings bedank. Die bydrae van die twee banke wat steekproefinligting verskaf het, word met dank erken. Waardevolle bystand is deur die Seksie Grafiese Dienste van die Afdeling Inligting in die Departement Ekonomie van die Reserwebank verleen.

<sup>2</sup> Tegnies is die betrokke instellings dié wat onder die Bankwet, Wet nr. 94 van 1990, geregistreer is. Tot Maart 1993 was hierdie wet as die Wet op Depositonemende Instellings bekend.

Grafiek 2. Individue se deposito's en lenings by banke volgens tipe instrument, 30 Junie 1992



R105,1 miljard. Die uiterste siening dat huishoudings diep in die skuld is maar *feitlik geen* fondse op deposito het nie, word nietemin nie deur die feite ondersteun nie; totale deposito's het in 1992 nagenoeg 82 persent van totale lenings bedra.


'n Ontleding van deposito's volgens tipe instrument (grafiek 2) toon dat die saldo's op tjek- en transmissierekeninge, wat gewoonlik baie min rente verdien, slegs R11,9 miljard of minder as 14 persent van totale deposito's deur individue beloop het. Spaardeposito's, wat ook dikwels vir transaksiedoeleindes gehou word, het 20% persent van totale deposito's uitgemaak. Die oorblywende 65% persent van deposito's het uit vaste en kennisgewingdeposito's, wat gewoonlik meer voordelige rentekoerse verdien, bestaan. Die ontleding van voorskotte beklemtoon die belangrikheid van verbandlenings, wat 62 persent van individue se skuld teenoor die banke verteenwoordig het.

Dit is ook interessant om daarop te let dat die totale deposito's van die *persoonlike sektor* (wat behalwe individue ook nie-geïnkorporeerde sakeondernemings,

nie-winssoekende organisasies, pensioenfondse en versekeraars insluit) by banke in die middel van 1992 R109,2 miljard beloop het. Aan die ander kant het totale voorskotte aan die persoonlike sektor R111,4 miljard bedra, sodat die persoonlike sektor se totale deposito's en lenings by die banke naastenby in ewewig was.

Die bydrae van individue tot totale deposito's van die binnelandse *private sektor* by die banke en hulle aandeel in die banke se totale eise teen die binnelandse private sektor in die middel van 1992 word in grafiek 3 getoon. Individue was vir nagenoeg 51 persent van die totale deposito's van die private sektor by die banke en vir bykans 58 persent van die banke se kredietverlening aan die private sektor verantwoordelik. Die bedrag waarmee die banke se kredietverlening aan die binnelandse private sektor (R181,6 miljard) deposito's van die binnelandse private sektor (R168,2 miljard) oorskry het, is op verskeie wyses gefinansier, waaronder fondse wat deur die banke in die vorm van lenings, terugkoopooreenkomste en deposito's van nie-inwoners bekom is.

**Grafiek 3. Individue en ander partye in die private sektor se deposito's en gebruik van bankkrediet, 30 Junie 1992**



### Die gedrag van individue as deposante en leners in meer besonderhede


Die saamgevoegde totale wat hierbo bespreek is, ontstaan uit die interaksie van etlike miljoene persone met hulle banke. In hierdie afdeling word die resultate van 'n steekproef van 4 000 kliënte van twee belangrike Suid-Afrikaanse instellings weergegee ten einde 'n deursneebeeld van die verhouding tussen individuele deposante en leners en hulle banke te verkry. Die steekproef dek nie al die banke waar individue deel van hulle kliënte uitmaak nie. Nietemin dui die grootte van die betrokke twee banke, die grootte van die steekproef en die ooreenstemming tussen die steekproef- en saamgevoegde inligting daarop dat die steekproef 'n aantal sleutelienskappe van tipiese Suid-Afrikaanse individue se transaksies met hulle banke weerspieël.

Die twee Suid-Afrikaanse banke het ewekansige steekproewe van individue uit hulle kliëntele gedere getrek en vir elke kliënt die volgende inligting verstrek:

- Die eerste twee syfers van die persoon se identiteitsnommer, ten einde sy of haar ouderdom te bepaal.
- Die totale bruto deposito's van die persoon by die bank, ongeag of dit in tjek-, transmissie-, kredietkaart-, spaar-, vaste- of kennisgewingsdeposito- of ander rekeninge is.
- Die totale bruto lenings deur die bank aan die

**Grafiek 4. Ouderdomsverspreiding van individuele kliënte in die steekproef van die Suid-Afrikaanse bevolking**

Individuele kliënte



1) Bron: Bevolkingsensus 1991.

persoon, ongeag of dit deur oortrekkings-, kredietkaart-, verband-, huurkoop-, bruikhuur-, persoonlike lenings- of ander fasiliteite plaasvind.

- Die persoon se netto deposantposisie (+) of lenersposisie (-) teenoor die bank, wat gelyk is aan die verskil tussen sy of haar totale bruto deposito's en totale bruto lenings.

Uit hierdie inligting vir die middel van 1992, is die volgende resultate verkry:

- *Die ouderdomsverdeling van die kliënte in die steekproef.* Soos verwag kon word het kinders en jongmense onder die ouderdom van 20 jaar 'n betreklike klein persentasie van die banke se totale kliënte uitgemaak. Getalsgewys was die belangrikste ouderdomsgroepe onder die banke se kliënte dié van 20 tot 29 en van 30 tot 39 jaar oud. Ouer mense het 'n groter deel van die banke se totale kliënte as van die totale bevolking uitgemaak, soos in grafiek 4 getoon word.


- *Verdeling van kliënte as deposante en/of leners.* Soos in grafiek 5 getoon word, was die oorgrote meerderheid kliënte in die steekproef – meer as driekwart – slegs deposante. Nagenoeg 13,8 persent van die kliënte het geen

deposito's nie maar net 'n lening of lenings by die bank gehad. Naastenby 9,2 persent van die kliënte het gelykydig deposito's en lenings by dieselfde bank gehad, soos daardie persone wat 'n verbandvoorskot van 'n bank ontvang het maar terselfdertyd hulle kortertermynfondse in 'n tjek- of spaarrekening by dieselfde instelling op deposito gehou het.


- *Bruto deposito's volgens die grootte van die deposito.* Meer as 'n kwart van die kliënte in die steekproef het deposito's van meer as nul maar minder as R100 by hulle bank gehad, soos in grafiek 6 getoon word. Soos verwag kon word het die getal deposante afgeneem soos wat die grootte van die deposito toegeneem het. Die gemiddelde van alle bruto deposito's, nuldeposito's uitgesluit, het nietemin nie minder nie as R6 620 beloop, met die paar baie groot deposito's wat vir die talyke kleintjies vergoed het.

- *Bruto lenings volgens die grootte van die lening.* Die grootste getal lenings het tussen R5 000 en R20 000 gelê. Nietemin was 'n aansienlike aantal lenings hoër as R100 000 en selfs bokant R200 000, soos in grafiek 7 getoon word. Die gemiddelde van alle bruto voorskotte groter as nul het R31 380 bedra.

**Grafiek 5. Deposante, leners en depositant/leners in die steekproef**




**Grafiek 6. Verspreiding van bruto deposito's volgens grootte**




- Verdeling van netto deposito's en lenings volgens grootte. Elke persoon se netto posisie is bepaal deur sy of haar bruto lenings van sy of haar bruto deposito's by die bank af te trek. Die gemiddelde netto posisie vir alle kliënte in die steekproef was 'n gemiddelde bedrag geleent van R1 560, hoewel die verdeling rondom hierdie


**Grafiek 7. Verspreiding van bruto lenings volgens grootte**




**Grafiek 8. Verspreiding van netto deposito's en lenings volgens grootte**



**Grafiek 9. Ouderdom en netto depositant/lenerstatus van kliënte**




**Die geneigdheid om 'n netto lener te wees op verskillende ouderdomme**



gemiddelde belangriker as die gemiddelde self is. Die betrokke verdeling, soos in grafiek 8 getoon word, wys dat in teenstelling met netto deposito's wat rondom betreklike klein bedrae gekonsentreer was, netto lenings (hoewel in getal minder as deposito's) rondom groter waardes gekonsentreer was. Gegewe die aard van die transaksies wat baie lenings onderlê, soos die verkryging van 'n woning of voertuig, is hierdie groter waardes geensins onverwags nie.

- *Verwantskap tussen die ouderdom van kliënte en netto depositant/lenerstatus.* Uit die beskikbare data wat in grafiek 9 getoon word, blyk dit dat kinders en baie jong mense selde leners was. Die geneigdheid om teleen het met ouderdom toegeneem tot by die ouderdomsgroep 40 tot 49 jaar, waarna dit afgeneem het soos wat nader aan die aftree-ouderdom beweeg is. Ná bereiking van die aftree-ouderdom was daar 'n baie lae geneigdheid om skuld aan te gaan, met kliënte wat oor die algemeen deposito's by die banke gehou het. Die patroon wat deur die geneigdheid om teleen vertoon word, weer-spieël dus klaarblyklik 'n lewensiklus. Die hoogste geneigdheid om teleen kom voor op die ouderdomme

**Grafiek 10. Grootte van die gemiddelde netto deposito of lening volgens ouderdomsgroep van die kliënt<sup>1)</sup>**



1) Slegs netto deposito's/lenings wat nie gelyk is aan nul nie, is in die berekenings gebruik

waarop persone normaalweg ekonomies bedrywig is en hul wonings bekom of opknap en verskillende soorte duursame verbruikersitems aankoop.

- *Grootte van die gemiddelde netto deposito of lening by verskillende ouderdomme.* Alle netto deposante in die steekproef is geïdentifiseer en volgens ouderdom ingedeel, en die grootte van die gemiddelde netto deposito is vir elke ouderdomsgroep bereken. 'n Soortgelyke oefening is vir alle netto leners uitgevoer. Die resultate word in grafiek 10 uitgebeeld, en toon dat gemiddelde netto depositogroottes oor die algemeen met ouderdom toegeneem het, terwyl gemiddelde netto lenings in die ouderdomsgroep 40 tot 49 jaar tot 'n maksimum gestyg het, tot by die ouderdomsgroep 60 tot 69 jaar aanmerklik gedaal het, en dan weer in die ouderdomsgroep bo 70 opgeskiet het. Slegs een uit twintig kliënte van 70 en hoër was egter leners. Die paar in hierdie groep wat wel leners was, was oorwegend leners vir betreklik groot bedrae, wat waarskynlik wesenlike ander bates besit en oor ander bronne van inkomste besik het. Vir elke 1 000 kliënte in die ouderdomsgroep 70 jaar en hoër was daar 52 netto leners wat gemiddeld R37 180 geleent het vir 'n totaal van R1,9 miljoen, en 948 netto deposante wat gemiddeld R20 790 gedeponeer het vir 'n totaal van R19,7 miljoen.

### Sleutelimplikasies en enkele voorbehoude

Uit die bostaande ontleding blyk die volgende:

- Die totale bedrag wat deur individue by banke geleent is het die totale bedrag wat deur individue gedeponeer is, beduidend oorskry, hoewel waarskynlik nie met soveel as wat algemeen geglo word nie. Die grootste deel van individue se lenings by die banke het uit verbandvoorskotte bestaan.
- Daar is baie meer individue wat netto deposante by banke is as wat netto leners by banke is. Daaruit volg dat abnormaal lae rentekoerse (soos rentekoerse wat beduidend en op 'n permanente grondslag onder die inflasiekoers bly) 'n aansienlik groter getal netto deposante nadelig sal tref as die getal netto leners wat deur sodanige rentekoerse bevoordeel sal word. Hierdie syfers weerspieël egter heel moontlik nie die verdeling van huishoudings se voorkeure tussen hoë en lae rentekoerse genoegsaam nie, onder meer in die lig van die volgende:
  - (1) hierdie ontleding is op 'n steekproef gebaseer, met die gewone risiko's wat daarmee gepaard gaan;
  - (2) die getal kliënte alleen kan misleidend wees deurdat daar binne 'n enkele huishouing verskeie kliënte kan

wees waarvan sommige netto leners en ander netto deposante is; die getal netto deposante of leners hoef nie noodwendig die werklike voorkeur van die huishouding voldoende te weerspieël nie;

(3) dieselfde persoon wat in sy persoonlike hoedanigheid 'n bankdeposito besit kan onregstreeks deur sy deelname in 'n onderneming wat geld skuld (soos 'n venootskap of maatskappy) 'n lener wees; die steekproef dek net individue. Aan die ander kant kan sommige organisasies waarin die individu 'n belang het bes moontlik netto deposante wees, soos pensioenfondse of langtermyn-versekeraars;

(4) sommige persone kan netto deposante by 'n bank wees maar terselfdertyd by nie-bankinstellings in die skuld wees.

- Die waarde van lenings het dié van deposito's oorskry omdat die gemiddelde deposito baie kleiner as die gemiddelde lening was. Geweeg volgens waardes kan individue se voorkeure tussen hoë en lae rentekoerse gevvolglik verskil van dit wat op grond van 'n eenvoudige telling van kliënte verwag kan word.

- Diegene wat waarskynlik leners by die banke sou wees, was in hulle ekonomies-bedrywige jare, en was bes moontlik 'n meer uitgesproke groep as die jong of afgetrede persone wat waarskynlik deposante sou wees. Die gemiddelde bedrag wat by die banke geleent is, was heelwat groter as die gemiddelde bedrag gedeponeer, wat ook daartoe kon bydra dat leners meer uitgesproke as deposante sou wees.

- Die gemiddelde deposito wat deur persone in die ouderdomsgroep 70 jaar en hoër gemaak is, was R20 790. Teen heersende rentekoerse was dit groot genoeg om die gemiddelde deposant in hierdie groep se renteverdienste meer as R2 000 per jaar te laat beloop, wat gevvolglik die belastingvrye perk aan renteverdienste sou oorskry.

- 'n Groep wat besonder kwesbaar sou wees in 'n milieu van hoë inflasie en lae rentekoerse is duidelik die bejaarde deposante wat hoofsaaklik van hulle inkomste uit rente afhanglik is; laer inflasie en positiewe reële rentekoerse op deposito's sou hulle lewenstandaarde verbeter.

- Op soortgelyke wyse sou die talryke "klein" deposante, wat gewoonlik rente teen betreklik lae nominale koerse verdien, bevordeel word in 'n milieu van dalende inflasie en 'n al stadiger afname in die koopkrag van hulle spaargeld.

- Sommige kommentaarskrywers kan natuurlik redeeneer dat die inkomste wat uit rente deur deposante verdien word, nie soseer van grondliggende belang by die bepaling van hulle welvaart is nie, en dat lae rentekoerse, deur besteding aan te wakker, ekonomiese groei sal stimuleer wat onregstreeks tot almal se voordeel sal wees. Benewens 'n gebrek aan bewyse dat sodanige groei wat deur lae rentekoerse aangewakker word enigsins standhoudend kan wees, kan die verdeling van sodanige voordele duidelik teen die belang van klein deposante en die bejaardes indruis.

- Nuwe instrumente, soos buigsame verbande, kan individue toenemend in staat stel om hulle bruto deposito's en bruto lenings teen mekaar te verreken en te konsolideer deur byvoorbeeld fondse wat tevore in 'n vaste depositorekening gehou is, in 'n buigsame verbandrekening te deponeer. Dit kan nodig wees om hierdie ontwikkelings by die ontleding van die geldvoorraad en kredietgroothede in aanmerking te neem.